

## VERHALE UIT DIE DORSLANDTREK.

I.

Op 'n dag het die gebrœders Van Wyk in hulle een-  
D. Die omswerwings 'n wa tœegekom. Dit was die wa van  
D. Die edetrekker wat van die Groot Trek af na hulle kom  
D. Die het. Hy het hulle waspore gevolg, en sô was hulle  
D. Die drie waens bymekaar. Die nood weens gebrek aan  
W. ter het nog dieselfde gebly. Algar se oë was elke dag  
C. die Hemel geslaan. Menige gebed en stille sug het  
opgegaan om redding uit hulle nood—geen water en byna  
en kos meer nie. Maar toe het daar op 'n dag 'n  
wolkie yar die meer se kant af opgekom. Met kloppende  
harte het hulle die wolke sien vermeerder, totdat die lug  
naderhand bewolk was. Dit het toe somar bladstil  
geword vir 'n rukkie. Naderhand het hulle die donder  
gehoor rommel nâ die Okowango se kant toe. Sou dit  
tog kom reën? Maar om hulle was dit nog stil—geen  
beweging, geen geluid selfs nie van die voëltjies nie.  
Alles was in spanning en verwagting. Maar die rom-  
melende donder het af nader en nader gekom. En toe  
het daar groot druppels nêr gekom, totdat die storm  
los gebars het. Maar o nee! Daar het die wolk ge-  
breek, die wind omgeslaan, en verby was die reën vir  
die dag. Daar het die son toe weer begin skyn, onbarm-  
hartig begin brand. Alleen aan die oostekant het 'n  
vreeslike dik wolk hom ontlas op één plek. „Daar val  
vandag-baie wâter,” het Tys van Wyk aan die ander  
mense gesê. Die vroumense en die kinders was toe druk  
in die weer: hulle was met alle mag besig om water te-  
skop, te skop uit die diép-olifantspore—spore wat die  
logge, groot diere maande vantevôre, toe die grond nat  
was, in die pan sê kant getrâp het; in die olifantspore  
plassies wegsinkende, modderige water, wat hulle druk  
besig was om op te skép met bekers en kommetjies. Die

verkwikking het gekom, maar kort van duur was dit gewees! En die kortstondige verkwikking was alleen vir die mense gewees. Vir hulle was dit net 'n verademinkie. Niks meer nie. Die arme trekdiere en Ploeibooi kon net 'n kort rukkie opflikker. Maar daar op die plek in die oostekant—daar was tog nog altyd strome water aan val.....strome water! strome! Die mans het toe raad gehou, en toe het hulle besluit dat Tys van Wyk en Paul Venter, die man van die derde wa, te perd na die plek sou gaan waar dit so lank gereën het. Die blywendes het, na 'n sobere eetmaal van gespringde mielies, maar gaan slaap—gaan slaap sonder die aand tenminste deur dors gekwel te wees. Die twee trekkers het hulle deur die donker nie laat afskrik nie, maar het deur gery tot naby middernag. Intussen het al die wolke verdwyn, en het die maan opgekom; en wat 'n volle prag was daar toe waar te neem die nag! Onder die ry het alles vars, fris en lekker geruik.

„Hoor hoe kwaak die paddatjies,” het die een ruiter vir die ander gesê.

„Ja, maar dit is nie net paddatjies nie: dit is ook die geraas van water,” het die ander gesê.

Ja, tussen die gejubel deur van die paddakeeltjies—paddamusiek wat altyd die bestaan van water verrai—kon 'n mens duidelik die gekabbel van waterstrome hoor. Wat 'n lieflike musiek na al die maande van droogte! En toe na die waters toe—die arme dorstige perde tot sat wordens toe laat drink, en hulle self ook....

Leser, het u al na 'n geweldige reën, u buite alleen in die veld bevind? So ja, dan kan u u nog herinner wat 'n aangename geluid dit is om daar alleen te staan en luister na die ruisende stroompies, byna elkeen met sy besondere deuntjie,—om te luister na die magtige weerklank van al die kabbelings ineengesmelt, na die nadreunings van al die wegstromende waters! Nou as dit alles pakkend kan wees onder gewone omstandighede, hoe lieflik moes daardie nag se water gejubel,

wat deurmeng was met lewendige paddamusiék, nie ge-wees het vir ons dorstige perderuiters en hulle arme perde nie, wat hulle byna nie meer wou laat bedwing nie maar wat met versnelde gang reikhalsend watertoe gebeur het! . . . . . Al nader en nader het hulle gekom teen die bult af, in die maanlig. Dis waar: daar is baie, baie, volop water vlak voor hulle! Die perde gaan nog vinniger. Op die water kom hulle aangestorm al kopspelende. En nog vinniger—nou op 'n galop, totdat—plomps!—hulle in die water staan en drink! En die troue diere drink en drink! En dit skyn of hulle nooit genoeg sal kan kry nie. En die base wil kanttou om af te kan klim en ook te drink. Eindelik kon hulle die twee perde uit die water kry, om af te styg en self neer te val en te drink, en te geniet in dankbaarheid. Toe het hulle versadig opgestaan. Maar die perde het eers weer begin drink, tot hulle half-steunende te kenne gegee het, al was dit sonder woorde: „ Ons het nou vereers ook genoeg geniet.”

Ja, wat 'n onvergeetlike gesig het hom daar daardie maanlig nag—se heerlik fris en vars na die verkwikkende reën—ontrol voor die twee versterkte woestynreisigers—en dit in die middel van die nag. Hulle was in 'n holte, waarin 'n klomp pannetjies gelê het. En die panne het algar oorstromend vol geword. Die heerlike, stromende, ruisende water het daar in die sagte, lieflike maanlig geblink, geskitter en gefonkel. Waar kon dan ook 'n mooier gesig as die van die aanblik op volop water, wat al golwende van die een pan in die ander gespoel het langs die olifantsvoetpaaie, gevind word vir Dorsland trekkers van daardie dae? En dan . . . . . wat omtrent die heerlike geur wat uit die nat gedrenkte aarde uit voortgekom het en die stille, majestueuse prag en lieflikheid van die nag? Ja, dit was daar byna soos 'n Paradystoneel daardie nag in die anders onooglike Oos-Damaraland vir die anders half-flegmatiese toeskouers wat vroeër aan liefliker natuurtonele gewoond was.

(Uit A. J. v. d. Walt se „Noordwaarts” 2e Edisie).

## II.

Op 'n seker dag het die drie trekkers weer op jag gegaan. Die toestand by die waens was nie van die beste nie. Hulle het daar baie maal honger gely. Die dag het ons drie trekkers 'n ontmoeting gehad wat buitengewoon was. Meer as eenmaal het hulle al daarvan gepraat dat dit tyd word om van die ander trekkers tyding te kry. Daar sou weer verdere trekregulasies opgestel word en dan sou meteens verdere trekplanne beraam word. Van die welstand van die ander mannebroeders wou hulle ook graag tyding hê. En die dag sou dit hulle geluk om die verlangde tyding te kry. Hulle ry langsaam voort, hulle het die dag n.l. 'n leë wa by hulle gehad om, as hul soms per geluk 'n kameel kon bemagtig; die vleis op te laai en laer-toe te bring. Teen die middag het hulle meteens 'n klomp kamele op hulle sien aangestorm kom.

En dit het nie lank geduur nie, of daar het drie van die groot diere in die stof gelê. Maar die kamele was blykbaar deur ander jagters vervolg gewees. En ja, daar het toe nog skote geval. Van wie kon die skote wêes? Maar in die eerste instansië kon dit hulle op die oomblik nie veel skeel nie: hulle het dit nou te druk gehad met die groot rykdom van vleis wat moes besorg word. Wat 'n uitkoms! Hulle sou dadelik te perd met een van hulle drie vleis waestoe stuur, onderwyl die ander twee mans met Klaas en Stemmer dadelik aan die werk sou gaan om biltong te maak. En eers oot 'n dag of vyf kon hulle dan laer-toe gaan.

Onder die werk het daar toe naderhand vyf man te perd op hulle afgery gekom. Dit was van hulle medetrekke wat na die Okowangorivier toe afgesak het. Met die mense aan die rivier het dit jammerlik ellëndig gegaan. Die koors het baie van hulle weggemaai. En toe moes hulle maar weer na die middelveld toe en nou

het hulle laer 'n paar uur van die plek af gestaan waar hulle mekaar ontmoet het.

Ja, daar was veel om oor en weer te praat en te vertel. Tys van Wyk het toe besluit om solank 'as wat hulle die vyf dae daar moes staan, 'n paar keer na die ander laer te gaan kuier; want sy swaer Jan Prinsloo was ook by daardie mense:

Op sy terugreis van die laer af na hulle wa toe het hy die laaste van die twee keer wat hy daar heen was, amper 'n noodlottige ongeluk gehad. Halfpad na sy wa toe het op hom 'n trop wildehonde aangestorm gekom. Hulle het al nader en nader aangehol gekom, maar Tys van Wyk het daar eers geen erg in gehad nie, totdat 'n paar van die uitgehongerde en bloeddorstige diere na Ploeibooi begin hap het. Maar Ploeibooi was op sy hoede, al het sy baas so ingedagte op hom gesit. Voor dat die wildehonde kwaad kon vermoed, was die flukse ryperd van neef Tys tog klaar gewees en het in een skop twee neergeskop! Huilende het die verskeurende diere ineen gesak, om verskeur te word! As wolwe of wildehonde uitgehonger is, is die een wat uit hulle geledere neerval, 'n dooie wolf of hond op die plek! Want dan moet die trop eers halt en die gevalle broer verskeur en opeet! So ook hier.

'n Digte trop van verskeurende diere het op hulle twee makkers toegestorm. En terwyl hulle daarmee besig was, het ons vriend gou twee skote uit sy Winchester geweer tussen hulle ingestuur. Daar het toe weer 'n stuk of wat tjankend neergeval, -om op hulle beurt weer verskeur te word, en intussen het ons vriend en Ploeibooi gesorg dat hulle in veiligheid kom.

(Uit A. J. v. d. Walt se „Noordwaarts” 2e Edisie).

## III.

'n Paar weke na wat ons in die vorige hoofstuk meedeel het, het ons drie waens by 'n plek gekom waar hulle teen wil en dank 'n rukkie moes staan, en wat vir hulle 'n ware Mara sou word. Hulle waens het daar onder 'n groot kameeldoringboom gestaan wat onder 'n klein koppie gegroei het. Byna die helfte van die drie waens se mense was siek aan die koors.

Eers het Drikkie, die tweede jongste seuntjie, siek geword en toe het sy ma weer ingeval. Daarna het Roelf se vrou en kind gelyk siek geword, en later nog die oudste seun van Tys van Wyk. Drikkie het al twee dae voordat hulle by die staanplek gekom het, skielik siek geword. Hy kon altyd so fluks by die inspan help. Wanneer die osse aangekeer word om in te span, was hy altyd daarby met 'n klein handsambokkie, wat sy pa vir hom gemaak het. Aan die sambokkie was hy erg geheg, en niemand kon daaraan kom nie. En dan kon hy by die inspan regs en links bedrywig wees—klap, aanja en kommandeer, soos 'n regte kleinbasie. Hy wis altyd net so goed as iemand daar hoe al die osse van die drie waens moes trek—Rooiland voor; Roman naasagter; Drieberg haar-op-ses; ens., ens. Maar op die dag wat hy siek geword het, was dit die agtermiddag doodstil by die inspan, wat Drikkie betref het. Die dag het hulle toe ingespan sonder dat hulle sy stemmetjie verneem het—sonder dat die geluid van sy sambokkie gehoor word. 'n Mens kon selfs dink dat die osse hom ook vermis het. Maar die arme ou Drikkie het bewusteloos gelê aan die koors. Nooit sou sy ou kinderstemmetjie weer by die inspan verneem word nie!

Soos gesê hulle het daar by 'n koppetjie gestaan; en hulle sou 'n hele klompie dae daar staan. Intussen sou die dood meer as een van hulle klompie met sy kille hand wegruk. Die staanplek sou van toe af by hulle bekend

staan as „die Kerkhofkoppie”; want heel gou—die derde dag al—is Drikkie die eerste daar begrawe geword.

Hulle het nog 'n tent gehad. Die het tussen die waens naby die boom gestaan. Daarin het die siekes gelê—Annie van Wyk, Roelf van Wyk se vrou en haar kind, 'n meisie van byna vier jaar oud; en dan Drikkie en Jan van neef Tys. Die siek moeders het daar met trane menigmaal na hulle sterwende kinders moes lê en kyk. Tys van Wyk het die dae vreeslike ure gehad. Meer as eenmaal het die sterk man hom in die eensaamheid afgesonder om krag te soek in gebed—en hy het dit nie vergeefs gedoen nie! Eenmaal het hy kort voor die heengaan van Drikkie uit die eensaamheid terug gekom en na sy vrou se bed gegaan en medelydend aan haar gesê: „Hartjie, moet jou die saak van Drikkie nie te veel aantrek nie: Laat ons leer bid: ‚U wil geskiede’ ”; en toe het hy ook 'n paar trooswoordjies aan 'sy skoonsuster gerig, en toe weer die tent uit. Annie van Wyk was wel baie verwonder, maar darem ook dankbaar om te sien dat by haar man ook gevoel was.

Die aand het daar 'n geweldige storm opgekom. En onder die geflap van die seile, en temidde van die onstuimigheid van die natuur, te midde van die verskrikking van die nag—te midde van dit alles, wat nog verlewendig geword is deur meer as een se gedagte aan die verlatenheid van hulle ou klompie, daar alleen en eensaam, afgesny van die gemeenskap van hulle medemense—temidde van dit alles het die dood gekom. Eers moes Drikkie gaan en 'n paar uur daarna Roelf van Wyk se kind!

Die ander dag was die sombere begrafnis. En 'n paar dae daarna was dit weer Jan se beurt. Dit was aaklige, donker dae, daar by die Kerkhofkoppie. Tot oormaat van ramp het Roelf van Wyk se vrou die nag in die storm en by die weggaan van die twee kinders kranksinnig geword!  
O Land van Skaduwee des Doods!

Ja, dit het somber toegegaan daar by die Kerkhofkoppie! Wat hierdie dae deur ons vrinde deurgemaak

is, het spore-in' hulle hele verdere lewe nagelaat. En baie dae son hulle met weemoed terugdink aan die rusplek van hulle dierbare dode, en meer as eens verlang om die Kerkhofkoppie nog eenmaal weer te sien voor hulle dood. Wat hulle leed nog verswaar het, was die vreeslike eensaamheid en verlatenheid waarin hulle verkeer het. Hulle kon in hulle isolasie almal daar uitgesterwe het, en niemand sou dit geweet het nie. Maar die God des Aansiens van Abram se diensmaag was vir hulle en vir meer as een trekker in die jare menigmaal kenlik „die God des Aansiens,” al het geen engel hulle aanskoulik met die oë kóm dien nie. Ja, die onpeilbare liefde van die God des Aansiens was vir hulle onder nood en dood in die sandwoestyn van Suidafrika net so groot as vir die nederige Hagar in die woestyne van Suid-Wes-Asië 4,000 jaar geleë!

(*Uit A. J. v. d. Walt se „Noordwaarts” 2e Edisie.*)

#### IV.

Dit is nou vyf maande na die deurtog van die Okowango. Dit is naby sonder, en ons trekkers staan uitgespan op 'n mooi plek. Laat ons, leser, hulle afkyk in hulle doen:

Neef Tys is nie by die waens nie. Ons merk dit somar. Hy is altyd vir ons die hoofpersoon. Annie van Wyk sit by die agterstel van die wa en sê vir Joggie die „Onse Vader” en die „Tien Gebooie” voor. Hulle is besig met die Vierde Gebod, en sy vertel hom iets van Sondag en Sabbatsrus. Alida is daarlangs stil besig om vleis op die vuur te sit. Die pot staan daar naby en kook. Terwyl ons nog staan en rondkyk, loop Joggie se les af; en nou kom Driessie—die jongstê, die Benjamin, wat nou



byna vyf jaar oud is—voor sy ma staan en leun met sy armpies op haar skoot en vra haar kinderlik: „Ag ma, vertel ons tog weer iets van ons ou Dooringfontein!” Sy ma sug eers diep, en vertel hom baie van hulle ou plaas; en nou sit sy stil voor haar en kyk; en mymer. . . . Maar ons gaan verder. Roelf van Wyk is besig om aan sy skotskar iets reg te maak. Die skotskar is vir hulle baie werd. Nou kan hy meer aandag wy aan sy kranksinnige vrou. Hy kry nou net klaar, en gee order aan Stemmer en Klaas om met Joggie die osse vas te maak, en vir die vure wat hulle moet beskerm teen verskeurende diere, te begin sorg. En nou kom daar meteens 'n hele rûmoer in die stille toneel deur die aankeer van die osse.

Maar daar is één wat met allès om haar niks skyn te doen te hê nie—Mieta van Wyk, Roelf se vrou. Kyk hoe sit sy daar kop voor die bors, vooroorgebuk, half onder die skotskar in. Sy het met alles niks te doen nie. Op die oomblik is sy nogal taamlik kalm. Na 'n rukkie stryk sy met haar hand strelend oor die hoof van haar dogtertjie. Naderhand staan sy plotseling op, met 'n glimlag. Sy haal 'n kam uit die kar en begin saggies haar kind se hare uit te kam. (Haar eie hare hang woens en onversorg.) Nou is sy sag en moederlik. Wat moes sy voor haar siekte 'n sagaardige mens gewees het! Nou is klein Mieta, wat al goed geleer het om die houding en veral die oë van haar ma te bestudeer—nou is die bloedjie stil en gerus. Mieta begin klaend te sing. Sy sing die mooi versie van Psalm 77:

„Zou God Zyn gena vergeten? . .  
 Nooit meer van ontferming weten?  
 Heeft Hy Zyn barmhartigheên  
 Door Zyn gramskap afgesneên?  
 'k Zei daarna: dit krenkt my 't leven;  
 Maar God zal verand'ring geven;  
 d'Allerhoogste maakt het goed:  
 Na 'het zure geeft Hy 't zoet!”

En so sing sy, onderwyl sy elke maal 'n traan  
nog die twee volgende versies.

Sy swyg 'n rukkie; maar sy word nou onrustig. Die  
een sug volg op die ander—en daar begin sy somar ski-  
lik weer te sing, maar nou nie meer saggies en treurend  
nie—nee, gejaag en onrustig gaan dit nou.

Maar nou sing sy nie meer 'n Psalmvers nie—nee, nou  
sing sy klaend, droef en weemoedig:

Siet ons skei nou van elkander  
hier op dese aardse dal;  
en ons weet nie of w' elkander  
weer op aard ontmoete sal;  
want die dood hy kom so ras,  
vra nie, of hy kom tepas.

Op dan, mense, vrees die Here  
en verag des wêrelds ere,  
want dit is die wyse paân,  
laat u nooit verlore gaan.  
Og des wêrelds ydelheid  
duur maar vir 'n korte tyd.

Siet ons skei nou van elkander  
hier op dese aardse dal;  
maar ons hoop tog eens elkander  
in die Hemel weersien sal,  
ewig vry van sorg en pyn,  
ewig by die Lam te syn!"

En daar staan sy nou en sing as of sy niks van alles  
om haar heen sien nie. Met iets straks in haar styf, droef  
starende, betraande oë staan sy daar haar eie graflied en  
sing! Wat sou daar alles in haar siel omgaan? En haar  
kind? O, die arme bloedjie het gou onraad gemerk;  
angstig in haar ma se oë geblik, en toe het daar traantjies

in haar oë gekom. Maar sy staan nou skielik op, haar ma los haar hare, terwyl sy nog die kam vas geklem hou —en daar vlug klein Mieta na haar tante toe. Arme bloedjie, sy het dit al so baie keer moes doen!

Plotseling hou Mieta op met haar sing. Verwoed en heeltemal die kontras van wat sy vaneffe was, loop sy haastig op haar man toe. Roelf maak die knipmes waarmee hy rou rieme gesny het vir die reparasies aan die skotskar, haastig toe en sit dit in sy onderbaadjiesak, en sug. Sy kom by hom en sê kortaf. „Waar is boet Tys, Roelf?”

„Ek weet nie, vrou,” sê Roelf. „wat wil jy met hom maak?”

„Ek wil my vinger in sy oë indruk en dit uithaal, want dit is net sy skuld dat ons hier so moet rondswerwe, en al dae swaar kry verniet. Ek wil nou Driefontein-toe! Driefontein-toe! Driefontein-toe! Hoor jy, Roelf? Ons moet dadelik omdraai, omdraai! Wat staan jy so, man? Laat ons inspan. Daar anderkant die rivier staan 'n mooi blomwa met sestien osse vir ons en wag. En weet jy, man, wat die mooiste is van die ding? Voor op die wakis”—en sy wys met haar uitgeteerde wysvinger na die kant van die Okowango—„voor op die wakis sit 'n blink engel wat ons in die dors sal help en beskerm! Vir ons sal geen kwaad genaak nie! Kom, gou, laat ons soontoe gaan. Dan gaan ons weg van Tys hulle af. O, ek kan Tys vermoor, vermoor, vermoor!”

Nou is sy heeltemal waansinnig, en Roelf kyk of sy broer nog nie in aantog is nie. Maar gelukkig, daar kom hy met Ploeibooi terug, wat hy in die hande gelei het.

„Wat is dit, sus Mieta, dat jy weër so tekere gaan anaand?” sê hy, terwyl hy na hulle toe ry.

„Ek wil nie verder gaan nie, hoor jy goed, Tys van yk?” sê sy, en slaan woes rond met haar hande.

„Stil nōu op die oomblik, sus Mieta, en gaan daar op jou stoel sit. Ek wil niks meer hoor nie—niks, het jy goed verstaan?”

Langsaam gaan die beklaenswaardige vrou na haar stoeltjie toe, maak haar oë met haar hande toe. en sit weer heen en weer te skommel en te wiegel, al steunende en klaende.

Roelf en Tys gaan swyende na die vure om dit nog groter te maak, want die donker val nou in.

Klein Mieta loer uit die tent en kyk na haar ma toe. Sy skyn nou gerus te wees: Oom Tys is nou hier, en ma is vir oom Tys bang, weet sy.

*(Uit A. J. v. d. Walt se „Noordwaarts” 2e Edisie).*

## V.

Dit was 'n woeste plek waar hulle uitgespan het. Om hulle heen het baie bome in oorvloed gestaan. Naby die wa en die kar; geen vyftien tree daarvandaan af, het 'n stroom water verbygestroom. Anderkant die spruit was 'n moeras van digstaande riet en palmiet. Dié son het ondergegaan daar in die eensame wildernis. Sy laaste strale het nog die awendrood verlig. Alles het weer rustig en stil geword. 'n Mens kon net die gekraak van die brandende vure hoor. Die osse het op hulle plekke rustig gelê en herkou, terwyl hulle met hulle groot oë na die vure kyk, waaraan hulle al so gewoon geraak het.

Die mense het toe 'n stukkie begin te eet, hulle het algar tussen die wa en die kar gesit. Mieta egter wil niks van ete hoor nie. Algar soebat haar; maar verniet—totdat Tys van Wyk 'n lekker stukkie vleis vir haar bring en sê: „Toe, ou sus, eet dit nou op!” Sy het toe die

stukkie vleis geneem en dit onsmaaklik gesit en oppeusel. Toe hulle klaar gehad het, het hulle 'n paar Psalm-versies uit die hoof gesing, in die ligte van die vure wat rondom brand. En toe het Roelf van Wyk voorgegaan in die gebed. Hy het gedank dat hulle nog gespaar gebly het. Hy het hulle node en behoeftes aan die troue Hemelse Vader gekla: „Here, laat u aanskyn oor ons lig!” so het hy met 'n kragtige „Amen!” geëindig.

En toe het hulle gaan slaap. Roelf van Wyk sou met een van die volk opbly tot die maan opkóm, dan sou neef Tys, wat die hele vorige nag opgebly het, weer die wag op hom neem. Neef Tys slaap onder die wa, Annie van Wyk op die katel in die half tentjie, met Driessie en Mieta by haar, en Mieta van Wyk onder haar katel, op die buikplank van die wa.

So het daar die aand 'n paar uur stil verby gegaan. Maar toe het Mieta van Wyk opgestaan van dors. Al die ander mense het lankal aan die slaap geraak, sy egter nie. Sy het geen oog kon toemaak om te slaap nie. Sy was koorsagtig; en toe wou sy water hê, wat in 'n vaatjie by die agterwiel staan. Maar die vaatjie het omgerol, en al die water het uitgeloop. Maar Mieta wil en moet water hê; en daarom vat sy 'n emmer en loop na die spruit. Dit was doodsake om dit te doen. Buite die kring van die vure het die dood, die leeus, geloer! Roelf het gesien wat sy vrou wou doen. Hy loop na haar toe en sê enigsins driftig: „Vrou, wat maak jy hier? Loop slaap!”

„Ek wil water hê,” was die kort antwoord.

„Nou gee dan hier die emmer; maar bly jy hier in die kring van die vure terwille van jou lewe.”

Roelf van Wyk het toe die emmer uit sy vrou se hand gevat en wou hom verwyder, hoewel met 'n ongeruste gevoel oor sy vrou. Maar daar het Joggie ook op die toneel gekom: hy het saam met Roelf die wag gehou. Die

weeskind het gekom en gesê: „Omie Roelf, bly maar hier by tannie; ek sal gou die water gaan skep.”

Roelf het geaarsel en sê: „Joggie, omie is amper bang om jou te laat water skep. Hier is al te baie leeus, my kind. Maar,” fluister hy, „ek is ook bang om vir tante alleen te laat.”

Joggie: „Maar, oom, die water is mos maar somar 'n hanetreetjie hier van die vuur af: die leeus sal nie so naby durf kom nie!”

Arme Joggie, jy weet nie hoe na aan jou dood jy is nie. Jou laaste daad of verrigting op die ou wêreld gaan 'n daad van liefde wees. En nou gaan jy na jou dood toe! Want sonder dat jy, Joggie, of van die ander dit weet, lê daar 'n leeu op die loer! 'n Lang tyd was dit hier onder sy loerplek gewees. En hoewel hy die aand vreemde geluide hier bo op die wal gehoor het—hy lê te diep om die vure te sien—het hy tog stil op die ou loerplek gaan lê toe dit donker geword het. Daar by die oop plek het hy al menige nag, wanneer die diere kom suip, sy' probi maklik bemagtig—en waarom ook nie vannag nie, daar hy so honger was? En daarom, was dit wonder toe hy iets hoor aankom het, dat hy hom klaar gemaak het om te spring? Inmekaar het hy hom toe gekrimp, met die rug omhoog, net soos 'n kat wat klaar is om op 'n muis te spring. En arme Joggie, arme weeskind, barmhartige Samaritaantjie, wie se pa deur die Boesmans verhoor is, wie se ma deur die koors daar by Debra weggemaai is—ons arme ou Joggie het daardie aand met elke tree nader aan sy einde gekom! O, hoe diep tragies! Die ou dingetjie wis van geen gevaar nie; anders kon hy nog 'n gebedjie gestamel het, soos tant Annie hom die laaste tyd verskeie geleer het.

Maar daar het hy aangekom. Sy vuurbrand het hy in die paadjie neergesit, omdat dit te steilaf geword het. Met die een hand moes hy die emmer hou en met die ander moes hy telkens vasklou om nie te val nie. En—

meteens, toe hy gebuk het om die water te skep, is hy dood gespring geword deur die leeu! En toe het daar in die aaklige duisternis van die nag net een kort, deurdringende, gesmoorde gil weerklink—die doodsgil van Joggie! En toe het Roelf daar bo op die wal net die woeste gebrom en die afgryslieke gekraak van daar onder gehoor. Brommende en grommende het die ondiertog sy prooi weggesleep die riet en palmiet in. En—hoe Roelf en 'n kaffer, met vuurbrande gewapen, ookal toegestorm het, Joggie sou hulle nooit weer terug sien nie! „Ag, Joggie, Joggie,” snik Roelf, nou terug gekeer tussen die vure, „wat sal ons sonder jou maak, my kind? Omie het jou tog so liefgehad! ons algar, ja!” En hy snik hardop, die groot man, in sy ellende!—O Land van die Skaduwee van die Dood! . . . Hy het Mieta toe terug gebring na die wa, met water, en haar georder om te gaan slaap. Mieta was verbyster, en was skynbaar erg ongeroerd onder alles. Die ander het toe algar om haar geweekla, en op die uitroepe van Roelf wakker geword—temidde van al die ellende! Lank het die gesnik van algar nog aangehou; want Joggie was algar se liefing gewees—en dit alles in die donker, aaklige nag; daar temidde van die vure!

Daar het weer 'n paar uur verby gegaan. Mieta het nog nie kon slaap nie. Dit het haar daar in haar slapeloosheid langsamerhand duidelik geword wat Joggie oorgekom het. In haar verwarde brein het daar naderhand 'n vaste idee opgekom dat Joggie daar êrens in die vlei nog gelewe het—nog gelewe het, en net op haar gelê en wag het om hom te kom verlos! Ja, sy het gemeen, stellig gemeen in haar verwarde fantasie dat sy sien—die maan het intussen al opgekom—dat die leeu na hulle kant staan en uitkyk—staan en kyk, terwyl hy Joggie op die bors met sy groot poot staan en vasdruk op die grond! Sy sien dit alles en nog meer in haar koors. En toe het sy in haar waansin tot 'n wonderlike besluit gekom.

Sy was eers skrikkerig gewees om dit te gaan uitvoer; want vaneffe was sy nog bang dat die leeu ook haar sal kom haal. Toe was sy weer 'n bietjie normaal gewees; maar nou is haar toestand so, dat sy kon besluit: „Ek gaan Joggie verlos!” En voordat iemand haar kon verhinder, het sy van die wa afgespring, en het sy die vlei ingehol, met die deurklinkende woorde: „Joggie, lê stil, tante kom! Tante kom om jou te help!”


Hulle het lank gesoek die nag—die twee broers—met lewensgevaar, terwyl die hele laertjie in spanning was. Die kaffers moes die vure onderhou, en so het hulle die aaklige nag deurgeworstel. Vermoed en afgetob moes die soekers naderhand terugkom...sonder Mieta! Sodra dit lig geword het, het hulle weer gaan soek in die woeste rietvlei. Eindelik het hulle haar gekry op wat van Joggie se liggaam nog oor was. Met Joggie se bene, wat ook gevind was, het hulle hul twee dodes toe begrawe. Droewig en treurig was algar se stemming die dag. Selfs Stemmer en Klaas het gehuil—veral oor Joggie. En ook hulle het fluisterend aan mekaar gesê: „Hoekom baas Tys hy draai liever nie om na ou Doringfontein toe nie, nê?”

•Dieselfde agtermiddag het hulle toe daar ook weggegaan. Trek! Voort! Noordwaarts!

(A. J. v. d. Walt, „Noordwaarts” 2e Edisie,  
Nationale Pers, Kaapstad.)

Hou tog aan—  
Sê nie, niks wil gaan.  
Die geluk lê in jou pad!  
Streef, en soek die lewenskat:  
Werk daarvoor, en voel  
Dis jou hoogste doel.





### DIE STORMVOEL ALBATROS.

As 'n mens die reis van die Aldebaran gedurende die laaste maande met reg speletjies langs die kus kon noem, word dit nou darem weer erns. Die suidatlantiese oseaan, wat op 25 grade suiderbreedte sy naam in die van Stille Suidsee verander, strek sy onmeetlike watervlakte voor die reisigers uit, in die suide na die pool toe, in die ooste na Australië toe en verder tot aan die weskus van Suidamerika. Slegs enkele eilande en eilandgroepe lê daar, as nuttige bakens, in die gedugte plas versprei.

Hier is die westewind baas. Geen berge keer hom nie, geen heuwels of gloeiende sandvlaktes wysig sy koers nie. Ongestoor ja hy oor die golwe: nie die kort, lastige golwe van die noorde nie, maar die indrukwekkende waterberge, myle lank, wat statig voortruk soos die geledere van 'n goed geordende leër.

Skepe, wat vir Australië en Indië bestemd is, soek gretig hierdie streke op, waar die wind vir hulle gunstig is. Hulle hys hulle beste seile, en as dit 'n bietjie te ru word, dan maak hulle die luike oop, en, terwyl hulle voor die wind heenvlieg, bekommer hulle hulle maar min om die geweldige seë, wat agter hulle aankom en wat die agterskip oorstelp en die dek skoon speel.

Die pad is breed, maar daardeur is hy dan ook nog eensamer. Terwyl die skepe almal dieselfde koers gaan, ontmoet hulle mekaar nooit nie en sien mekaar maar selde.

Die natuur het die seereisiger darem 'n toggenoot gegee. Dis die albatros of stormvoël.

Hulle kom plotseling; waar vandaan? Eers kom één; daar is die tweede; tien, twintig ander volg hulle; selde meer,—en dadelik begin die jag op buit, wat die mense hulle graag gun. Somtyds is daar 'n hakie, 'n omgebuigde speld in die stukkie spek weggesteek, en word die arme voël sonder genade aan boord gesleep. Hoe seesiek is hy dan, hoe diep ellendig voel hy hom, as hy daar magteloos op die dek lê! Maar hulle wil hom nie kwaad doen nie. Fluks smee hulle vir hom 'n koper ringetjie om sy nek en holderstebolder tuimel hy weer in die see in, waar hy, as hy weer van die skrik af is, aan die maats, wat verskrik na hom toe vlie, sy snaakse awontuur vertel, en dan is dit daar 'n geslaan met die vlerke en 'n gesnater sonder end!

Jou oog kry nooit genoeg van die kyk na die koninklike voël, as hy daar so voor sy tien voet breë vlug seil nie. Die een oomblik bewonder 'n mens die rein wit van sy dons, die pèrelagtige glans van sy breë bors; dan weer vra 'n mens jouself, waarom die baie goedaardige skepsel dan tog met die gedugte snawel gewapen sou wees; of 'n mens bereken weer die snelheid van sy vaart, as jy dieselfde voël, wat met sonder in die kielwater

agtergebly het om te gaan slaap, smôrens weer uit die newels sien verskyn, as 'n bode van goeie tyding.

Nou vlie hy so naby die golwe, dat hy dit amper aanraak en rys en daal met hulle in bevallige tripmaat, dan trek hy weer rusteloos sy magiese sirkels, of speel om en bo die snelseilende skip, net so gemaklik as die gonsende vlieg om dië trae vee van die veld vlie. Dan styg hy weer, 'n storm voorspellend, hoog in die lug in, dryf met weergalose bevalligheid voor die wind weg, of roei met onmerkbaar vlerkslag teen die rasende storm op.

Wie kan die geheim van hulle raadselagtige vlie doorgrond? Hoe tog sweef die arend in die skaduwee van die Wetterhorn; hoe seil die kondor om die toppe van die Chimborasso; en door watter krag handhaaf die stormvoël homself, duisende myle weg van die land af, bo die onmeetlike seë van die Suide, as die golwe kook en bruis van die storm, of in statige golwing, gehoorsaam aan die stoot van 'n orkaan by die suidpool?

Heil u, vors van die dampkring! In een etmaal meet jy jou gebied, en werelddede maak jy jou grenspale!

W. F. MARGADANT.—*Met adelborsten aan boord van de "Aldebaran."*

### EENHEID.

In eenheid van strewe daar lê onse krag,  
 In trou aan elkander daar lê onse mag;  
 Die broederband is onse hoogste gesag—  
 Hoe skoon is die toekoms vir so 'n geslag!

## DIE NEUS.

„Dit is tog 'n snaakse kêrel, hy steek sy neus orals in,” so hoor ons die mense soms praat van 'n man, wat hom graag met 'n ander se sake bemoei. Die wat wil weet, wat dit beteken, om sy neus in iets te steek, moet maar 'n bietjie na die mōremark toe gaan, en kyk op watter manier die mense ondersoek of botter nog vars is. Ek is soms bang, dat daar 'n pond botter aan hulle neus sal bly vaskleef. Nou ja, maar die neus is uitnemend geskik om iets te ondersoek. Hy is net soos 'n skildwag, kort bokant die mond geplaas en let fyn op alles wat by die deur, dit is die mond, binnegaan.

En kom daar jets, wat verkeerd is om te eet, soos bedorwe vleis, dan is hy dadelik by met 'n telegram ná die harsings toe met die boodskap: „Daar is 'n verkeerde gas voor die deur, hou hom bûitekant.”

Sê nou 'n mens se neus moes êrens op 'n ander plek gewees het, bevoorbeeld agter in die nek, wat sou dit 'n moeilikheid afgegee het. Dan sou hy nie sy werk kon doen nie en eer ons dit weet, sou ons siek word van een of ander bederwe kos, wat ons geëet het. Die neus sit dus op sy regte plek.


Iemand kan soms aan 'n mens se neus al sien, watter soort van man hy is. 'n Groot neus spreek van 'n sterk karakter, en gee al dadelik respek vir so 'n man. Soms het die neus 'n bult en dan sê mens hy is romeins; as hy reguit is, word hy grieks genoem; maar 'n neus met 'n duik, daarin wil niemand graag hê nie. Dit noem hulle weer 'n wipneus. Daar is dokters wat so 'n hol neus reguit kan maak. Hulle spuit parafienwas onder die vel in; maar dis maar 'n gevaarlike iets, en menigeen het die hele neus daardeur verloor. Dan is 'n hol neus nog maar beter.

Bo in die neus sit die reuksenuwees. Die neusholtes lei met gange na die keel en na die ore toe. Dit kan julle self duidelik opmerk. As julle die neus toekny, en dan met die toe-mond blaas, voel julle die lug in die ore druk en as julle water in die neus opsnuif, dan kom dit in die keel uit. Sommige mense kan die rook van hulle pyp of sigaar weer deur die neus na buitentoe laat kom.

Al die inwendige gange is met 'n baie gevoelige vlies bedek, wat nie bra die koue kan verdra nie. So gou as iemand koue vat, swel die vliese op; die neus begin te loop, die ore kan nie meer so goed hoor nie, en die keel begin te hoers. Julle sien dus, dat die drie sintuie nou met mekaar verbind is.

Die beste is, as julle saans uit 'n warm plek kom, soos die kerk of een of ander konsert, om eers 'n tydjie die mond toe te hou en die slymvliese kans te gee om af te koel. Die meeste mense het mekaar soveel te vertel, as hulle uit so 'n plek kom, dat hulle somar dadelik begin te praat, sonder om op die koue lug te let. En dan verwonder hulle hulle nog, as hulle die volgende môre baie verkoue is!

Liefde—soos tussen vrou en man, en kind en ouer, en  
 weer terug,  
 Die teerste trilling van die siel se sug,  
 Die fynste van die mens se ademtog,  
 'k Het hom met angs gesoek, maar kry hom nog,  
 So hier en daar, waar ons hom minst verwag:  
 'n Lamp by nâg, 'n sonnetjie by dag.  
 'n Straal van God Se liefde en skeppingskrag!



## DIE KATAKOMBES VAN ROME.

Onder die baie merkwaardighede, wat die wêreldstad aan sy besoekers bied, neem die Katakombes seker 'n eerste plaas in. Diep onder die vrolike, woelige strate van Rome, en ver daarbuite onder die laggende lande van die Kampania, wat vol lewe en beweging is, lê daar 'n stad van die dode. Wie sou dit waag om hierdie stad sonder diep eerbied te betree; wie sal hierdie somber doderyk deur ligsinnigheid ontwy? Ek sal nooit vergeet, met watter gevoel van koue huiwering, maar tewens van diep weemoed en innige eerbied, ek in die katakombe van St. Callistus afgedaal het nie.

Dit was mos een van die begraaflase van die eerste Kristene, wat ek daar betree! Hier het die eerste Romeinse disiepels van Jesus hulle dierbare dode gebring, toe die wrede vervolginge van Keiser Nero en sy opvolgers hulle geen veilige rusplaas op die gewone

kerkhowe meer gewaarborg het nie—hïer het hulle, in kapelle wat vir daardie doel uitgehou was, hulle geheime samekomste gehad, om vir hulle in die bange tyd deur die ondersoek van die woord van God en deur die gesamentlik gebed te troos en te sterk;—hierdie donker gange het weerklink van die lofiedere van hulle, wat uit die duisternis van die heidendom tot die wonderbare lig van die kristendom oorgegaan het—hier was die toevlugsoord van dié gelowige gewees in tye van swaar vervolging; hier het ook die bloed van die martelare gevloei; want, hoe verborge hierdie katakombe ook was, en hoe geheimsinnig hulle by die begrawe van die dode ook te werk gegaan het, dit het darem gebeur dat dit bekend geword het, en dat 'n afdeling soldate daarheen gekom het om die kristene by die verrig van hulle laaste liefdediens te oorval. Dan beset hulle altwee die uitgange, en was die weerlose mense aan die woede van hul vervolgers oorgelewer, wat hulle sonder medelyde slag en 'n vreeslike bloedbad aangerig het. Waar sal 'n mens 'n welsprekender gedenkteken kry van die lyding van die eerste kristenkerk as hierdie katakombe? Hoe luid getuie hierdie somber gange van onrus, ellende en vervolging tot der dood toe, maar darem ook van 'n bly hoop van opstanding!

'n Nou opening, wat heeltemal deur bosse verberg is, het my toegang tot hierdie katakombe verskaf; langs smal trappe, wat in die rots uitgekap is, het ek na die eerste verdieping toe afgedaal, en naderhand na 'n tweede en 'n derde toe. Die kers, wat ek by my gehad het, het maar dof my naaste omgewing verlig. Ek was in een van die baie lang, nou gange, wat mekaar in alle rigtinge kruis, en 'n ware labirint vorm, waar ek my onvoorwaardelik aan die leiding van my gids moes oorgee. In 'n geheimsinnige halfduister wandel ek toe in die middel van die dode rond, wie se grafte aan altwee kante in die mure uitgekap is; in sommige gange het ek tot veertien, in die meeste egter vier rye grafte bo mekaar gesien. In hierdie grafte het hulle die dode sydelings gelê, en

die opening met 'n marmer plaat toegesluit of diggemessel; dit het daarvan afgehang of die afgestorwene iemand gewees het wat ryk was of nie.

Tussen die groot grafte het ek hier en daar baie kleinere ontdek, waar die mense die bene van die martelaars of die verminkte lyke van die wat in die katakombe geslag is, gelê het. In al die grafte lê nog bene, en in een daarvan het ek die ongeskonde geraamtes van 'n man en 'n vrou met 'n klein kindjie in die middel gesien.

Die eentonigheid van die nou gange is hier en daar afgebreek deur pleine en groter ruimtes, waarvan die eerste as famieliegrafte, die laaste as kapelle ingerig was. Al die kapelle was in twee afsonderlike ruimtes verdeel, sodat manne en vroue beide die godsdiensoefening bywoon, en tog volgens die strenge eis van die tye geskeie kon wees. In die mure was nisse met die grafte van besondere dode, een daarvan het hulle ook vir 'n altaar gebruik. Die sykante van die kapelle is met fresko's bedek, want ook in hierdie somber verblyfplekke van die dode is die kuns neergedaal; geheilig deur die gees van die kristendom, het dit in eenvoudige beelde uitdrukking gegee aan die geloof van die kristene, en ver naamlik aan hul hoop op die opstanding.

Onder die fresko skilderinge, wat ek bokant die grafte ontdek het, het die meeste voorgekom: die opwekking van Lasarus; Jona, wat deur die walvis uitgespu word; die offer van Abraham; die drie manne in die vurige oond; Daniël in die leenuil; die Groot Herder met die lam op sy skouer; Noag, wat sy hand uitsteek om die duif, wat weerkom, in te neem. Ook het ek dikwels die afbeelding van 'n vis bokant 'n graf gesien, en toe ek verwonderd vra na die betekenis hiervan, het hulle vir my gesê dat dit 'n sinnebeeld van Kristus was, omdat die Griekse woord „ichthys” vir „vis” uit die eerste letters bestaan van die uitdrukking: „Jesus Kristus, die Saligmaker, Seun van God” in dieselfde taal. Ek



het ook die opskrifte bokant die grafte gesien, wat in hulle stille eenvoud die kragtigste getuienis aflê vir die geheel nuwe beskouing van die dood, wat deur die kristelike geloof in die lewe geroep is—en van die ernstige maar tewens segevierende gees, waarvan die kristelike kerk in die vroeë eeue deurdring was.

## IN DIE WINTER OP DIE NOORDSEE.

Dis 'n guur Februarienag in 1879. Dieselfde grysglug, wat weke lank oor Nederland gehang het, hang ook koud en somber oor die Noordsee. Dieselfde Oostewind, wat ons vaarte en kanale met ys bedek, fluit snerpnd deur die want van die skoenersloep Castor, Skipper Albert Koster Hsn., wat in die middel van die Noordsee by die Doggersbank deur die golwe geklief het, en op die kabeljou vissery uit was.

Dit was skerp koud. Die dek was eensaam en verlate. 'n Man staan op die uitkyk, en die stuurman is op sy pos aan die roer. Ek het probeer om warm te word deur op en af te loop, toe hulle my kom sê, dat die aandete klaar was.

Langs 'n steil leertjie daal ek in 'n skynbaar donker afgrond af, en, as ek weer die vlak bodem onder die voete voel, merk ek, dat ek in 'n klein, rokerige, onbeskryflike warm vertrek is, waarin een aan koper kettings swaaiende lampie verniet probeer om 'n flou ligskynsel te werp.

Ek aarsel 'n oomblik om 'n stap verder te gaan, en bly aan die voet van die leertjie staan, want dit het vir my 'n onbegonne werk gelyk, om plek te soek in die lae, berookte vertrek, wat vol vissers is, en waar ek

my voet dalk nie sal kan neersit sonder om iemand of iets raak te trap nie. Toe my oë 'n bietjie aan die rook en die duisternis begin gewoon word, en ek sien dat hulle almal hul oë op my hou, het ek darem besluit om 'n wanhopige poging te wae. Ek het die toue, wat onder die bodek vasgemaak was, styf vasgegryp; en juis toe die klein skippie onverwags 'n harde ruk gee, het ek op die knieë van een van die vissers, wat nog ewe gerus sit en rook, neergeval.

Ek vra nie ekskuus nie, en hulle verwag dit ook nie. Hulle groet my en maak 'n bietjie plek, en toe sien ek, dat daar darem nog sitplek vir my is op 'n lae skipskis. Langsaam begin ek toe vir my rekenskap gee van wat ek daar sien. In die middel staan 'n lae, plat kaggel, wat vir kombuis diens doen en waaroor hulle 'n plank lê, as hy vir tafel gebruik word. Bo die kaggel hang die heen en weer swaaiende olielampie en regs 'n ronde, Amerikaanse skipsklök.

Uit die rook en skemering kom daar enkele fikse geusekoppe aan die lig, naarmate die lampie na regs of links toe swaai. 'n Twaalfstal flukse, breedgeskouerde vissers sit op lae skipskiste langsaan en teen die kaggel, terwyl hulle met hul rugge teen hul slaapplekke leun, wat tegelykertyd as 'n bēreplek vir allerhande benodig-hede diens doen. Dit het ek gemerk toe ek die ou kok met die grootste versigtigheid met klere en al uit sy kooi sien uitkruip, wat vir hom besonder moeilik was deur die ag sakke met kos, wat die grootste deel van die ruimte in beslag geneem het. Maar 'n seeman weet hoe om hom te behelp. By elke swaai van die skippie skommel en swaai daar links en regs tallose oliepakke, suidwesters, en seestewels, wat teen die swartberookte mure gehang het.

Al is daar miskien party dinge nie al te fris nie, in hierdie vertrek, wat so oorvol is, en waar ons die aandete gaan gebruik, dan is dit tog seker in geen enkel opsig die geval met die gesonde, trouhartige gesigte, wat my van

alle kante vrindelik aangekyk het. Wanneer die kloeke, kragtige mannekoppe met hulle suidwesters, stoppelbaarde en neuswarmertjies—soos hulle hul kort pype noëm—agtereenvolgens in die rookdamp sigbaar word, verbeel 'n mens hom onwillekeurig dat hy in die middel van 'n groep seevolk uit die 16de eeu geplaas is.

Die jong, flink figuur met die breë litteken bokant die linkeroog—'n herinnering aan 'n geveg met 'n naywerige Engelse visser—is die skipper van die vaartuig, die hoof van ons almal, my vrind Albert Koster.

Hy is 26 jaar oud en al 14 somers en winters vaar hy onafgebreek oor die soutwaters rond, waarop hy hom altyd laat ken het as 'n ervare visser, en laat eer het as 'n flukse seeman. Toe Albert Koster vyf jaar geleë getrou het, was hy reeds as 'n knap visser bekend, en het daar by die feestelike geleentheid op sy bors die groot silwer medalje geskitter, wat hulle hom vir die red van skipbreukelinge geskenk het.

Wil jy weet, vir watter heldhaftige daad Albert die medalje gekry het? Dit was op 'n stormagtige dag in die herfs, toe die vissersboot, waarop Albert as matroos gevaar het, langs 'n wrak sonder maste drywe. Die kaptein van die skip—'n vreemdeling—het verniet om hulp gesmeek. Die woeste stormsee het reeds van alle kante met donderende slae en stote oor die wrak geslaan, en Albert se skipper kon dit nie wae om sy vaartuig 'n prooi te laat word van 'n amper seker ondergang, deur naby die sinkende skip te gaan nie.

Dit was 'n wanhopige gevoel vir 'n man soos Albert om nie te kan help nie, en magteloos te sien, dat die oseaan die seëliede sou oorwin, en hulle voor sy oë sou versuip. Hy en 'n maat van hom het dan ook vir hulle aangepresenteer om in die klein skuitjie die hoë see te trotseer en na die wrak toe te roei, om die skipbreukelinge te gaan red. Maar die golwe het so hoog geloop, dat die skipper hierdie waagstuk nadrukkelik verbied het.

Trane van smart en spyt het in die oë van die moedige seeliede gestaan, toe die vreemde kaptein eindelik, om 'n laaste beroep op die Hollandse vissers te doen, sy tweejarige dogtertjie in die arms neem, teen die verskansing, opklim, en haar in die hoogte hou. Skaars het hulle die klein kindjie gesien, of Albert en sy vrind het die toue, waarmee die skuit vasgemaak is, deurgesny, en hulle roei oor die woedende golwe na die wrak toe. Hulle het tweemaal gegaan en die gehele bemanning gered. Die seeman, wat dit gedoen het, was Albert.

Naas hom sit die ou, ervare stuurman, Leen Ketting, met sy eerlike, verweerde gesig. Hy het reeds 'n halwe eeu lank die storme van die Noordsee getrotseer, en hy voel hom daarop dan ook so tuis, as in die strate van sy eie dorp.

„Die ou is maar altyd besorg,” sê Albert dikwels skertsend, maar ek het gedink, dat dit regte verstandig was, toe die deurtastende, jong skipper so 'n bekwame, versigtige stuurman as regterhand kies.

Leen Ketting en die 65-jarige kok, Jan Noordzij, wat al in '30 as vrywilliger mee uitgetrek het en twee jaar op die fort Bath gedien het, is die enigste ou vissers aan boord, en die orige jong volk word nooit moeg om na die tallose verhale en seemanslegendes, waarvan hulle 'n amper onuitputlike voorraad besit, te luister nie.

Een van die vissers, met die naam van Berthie, is 'n Vlaardinger, die orige kom almal van Pernis op IJselmonde, 'n fraai dorpie, waarvan die bewoners reeds eeue geleë as moedige, ondernemende vissers bekend gewees het.

Van oudsher is die Pernissers by die seevolk as besonder godsdienstig bekend gewees, en die jonger geslag eer ook in die opsig die nagedagtenis van die vadere deur hulle voorbeeld te volg.

Die dae, wat hulle nie vis nie, hou hulle al aande 'n kort godsdiensoefening, en op die Sondag (op daardie dag vis hulle nooit), vind dit bowendien ook soggens plaas.

Ons het nie gevis nie, maar na die visgronde toe ge seil, en daarom het hulle die gewone godsdiensoefening gehou, wat hulle eenvoudig en ernstig doen. Twaalf bybels, wat in linne sakkies gebêre is, het hulle uitgedeel, en, toe die hoofde ontbloot is, lees Albert 'n psalm, wat weldra deur almal gesing word.

Berthie lees toe 'n kapittel uit die Evangelie van Johannes; hulle sing nog 'n psalm, en die skipper besluit die plegtigheid met 'n toepaslike gebed uit „de Godvrezende Zeeman, of de Nieuwe Christelike Zeevaart,” waarvan in 1725 die vyfde druk in Amsterdam verskyn het.

Nadat die bybels opgehaal en weggebêre was, gebied Albert: „Jy moet bid, klein Jan,” en hoewel ek verniet moeite doen om die, wat aangespreek is, op die agtergrond te sien, hoor ek 'n flou, vakerige kinderstem half-luid die „Onse Vader” bid, waarna die aandete opgeskep word.

KOOLEMANS BEYNEN.

### MY VADERLAND.

Suidafrika, my vaderland,  
 Hoe meld ek ooit u waarde?  
 Ek voel die sterke liefdeband,—  
 Graag geef ek u my hart en hand,  
 Wyd u my kragte en verstand,  
 O skoonste plek op aarde!

## WIND.

Op byna elke plaas sien mens teenswoordig 'n windpomp. Hy bestaan uit 'n soort van toring, wat om sy top 'n groot wiel dra. As die wind waai, draai die wiel rond en laat 'n lang stang op en neer gaan. Aan daardie stang is weer die suier van die pomp vas en op die manier kry 'n mens sonder enige moeite 'n stroom water vir sy tuin, of om die vee te laat drink.

In vroeër tye het die mense nog ander soorte meulens gehad, baie groter en sterker as ons windpompe. In die meulens word dan groot plat klippe rondgedraai of groot sae in beweging gebring en so het die wind koring gemaal, of home in planke gesae. Teenswoordig gebruik ons daardie soort meulens nie meer nie, om die eenvoudige rede, dat mens nie op die wind kan reken nie, en daar stoom is, waar jy wel op kan reken. Vandag waai hy en môre miskien nie; en die man, wat sy lewe moet maak om koring vir die mense te maal, kan met so 'n ongedurige dienaar nie werk nie. Daarom gebruik hy 'n stoommasien: die is altyd klaar.

Maar wat is nou eintlik wind? Dis 'n beroering in die lug, dit voel ons duidelik genoeg, as ons op 'n winderige dag buite is en skaars op die bene kan bly staan. Maar waar kom die beroering vandaan? Sover as mens kan nagaan, want die arme mens moet maar baie dinge in Gods skepping raai, is daar twee vername oorsake: die invloed van die son en die draaiing van die aarde. Laat ek julle 'n eenvoudige voorbeeld gee. Sê, daar is 'n hoop los sand, en julle spit daarin met 'n graaf. As julle een skep sand uitspit, rol daar van alkante weer sand af. Die natuur hou nie van 'n leë

plek nie; as iets leeg raak, word dit dadelik weer opgevul. Nou, net soos dit met die sand gaan, gaan dit ook met die lug. As die son op die aarde skyn en dit verwarm, word die lug, wat op die aarde rus; ook warm, en warm lug styg op. Kyk maar na die tuit van julle Ma se kokende waterketel: die warm stoom val nie na ondertoe nie, maar gaan boontoe. Die rook van jou vader se pyp gaan opwaarts, ens. Op die wyse ontstaan daar 'n plek, waar die lug nou nie heeltemal wegraak nie, maar tog verdun word, en na die so te sê leë plek vloei nou weer kouer, swaarder lug. Op die manier ontstaan daar 'n trek of lugstroom. Hoe meer warmte, hoe meer wind.

Maar die draai van die aarde het daar ook baie mee te doen. As ons vinnig met 'n kar langs 'n nat pad ry, vlie die water en modder van die wiel af; dit is, omdat die modder aan die wiel nie so gou as die wiel self kan draai nie, maar agterbly. By die draai van die aarde bly nou die lug ook 'n bietjie agter, en so ontstaan daar wind.

Op die ewenaar is dit baie warm en by die pole baie koud. Daar moet dus 'n stroom in die lug ontstaan van die noordpool af na die suide toe, en van die suidpool na die noorde toe. As die aarde nou stilgestaan het, sou ons ten suide van die ewenaar 'n standvastige suidewind hê en ten noorde 'n noordewind. Deur die draai word die winde enigszins gewysig en so vind ons op die noorde-lyke wêreldhalfmond die noord-ooste Passaatwind, en hier in ons suidelike helfte die suid-ooste Passaat.

As mens by die see is, kan jy duidelik sien, hoe die wind eintlik ontstaan. In die aand, as die son ondergaan, word die land baie gouer koel as die water. Dan begin dit van die land se kant af na die see toe te waai. Die vissers gaan dan in hulle skuite uit, om te gaan visvang. Maar die volgende môre word die land weer gouer warm as die water, en dus waai daar weer 'n wind

van die see af landtoe, waar die skuite weer mee kan terugkom.

En watter nut het die wind nou? Dit is so ontsaglik groot, dat dit ons met verwondering laat stilstaan, as ons let op die groot wysheid, waarmee die Here vir sy skepsels sorg. Op warm somerdae, as die natuur eintlik sug en steun van die hitte, is die wind daar om die mense weer te laat heradem. En nie alleen dit nie: deur die wind word al die vuil dampe weggevaag. In Kaapstad waai daar nou en dan 'n sterk suid-oostewind, en die mense noem hom die Kaapse dokter. Was die wind nie daar nie, dan was Kaapstad 'n vreeslike ongesonde plek.

Dan bring die wind ook die reën saam. Op die groot see, waar die warm lug omhoog styg, kom ook groot massa's water met die lug saam, wat in die vorm van reënwolke oor ons land drywe en die aarde bevogtig. As daar nie wind was nie, dan sou dit alleen op die see kan reën, en die land sou nooit 'n reënwolk sien nie. Die wind is dus nie alleen 'n dokter nie, maar ook 'n versigtige tuinman: hy is 'n allernuttigste dienskneg van die Skepper.

En nou wil die mense nog baie keer klae as dit 'n bietjie hard waai. As hy 'n man se hoed mooi aflag en langs die straat voortrol, of nog erger, as hy 'n boom omruk of miskien 'n dak van 'n huis afwaai, dan klae die mense weer dat die aaklige wind so lastig is. Maar 'n kind, wat geleer het, dat die Here alles regeer, weet, dat daardie klein ongelukkies nie kan vergelyk word met die groot nut, wat die wind doen nie.

Vir die seeliede is die wind ook besonder nuttig. Die passaatwinde, waarvan ek so ewe gepraat het, word in Engels „trade-winds,” dit is: handelswinde genoem. Die naam het die Engelse hom seker gegee, omdat hy die handel so besonder in die hand werk. Nou kan die skepe mooi van Europa deur die Atlantiese Oseaan na



die suid-weste gaan en daar kry hulle weer 'n wind wat hulle na die suid-ooste toe voer. Tussen 30 en 40 grade suiderbreedte waai die wind weer meesal uit die weste en op die wyse kom die skip gemaklik na Indië toe. Elke wind het ook 'n teëwind, want 'n wind draai gewoonlik in 'n sirkel rond en so is daar ook weer altyd 'n weg terug huistoe.

'n Sterk wind noem mens 'n storm; en as hy nog sterker waai, word hy 'n orkaan. En dit, kinders, is baie gevaarlik vir die arme seeliede. Vernaamlik as hulle naby die kus is. Want dan is die wind so sterk, dat hy die grootste skip soos 'n kurkprop op en neer laat gaan. Vernaamlik 'n seilskip is dan totaal hulpe-loos; 'n stoomboot kan hom nog 'n weinig verweer, maar is ook in die grootste gevaar. Elke jaar vergaan daar honderde skepe en verdrink daar duisende mense. In die jaar 1910 het daar 'n skip van Durban na Kaapstad toe gegaan. Dit was 'n pragtige, groot stoomboot met 'n bekwame kaptein en ervare seeliede. En tog weet hulle tot vandag nog nie, waar hy gebly het nie. Dit het nooit by Kaapstad aangekom nie, die Kaapse goewerment het 'n skip uitgestuur om te gaan soek, en die Australiese goewerment ook, maar alles verniet. Die gedagte is dat die skip in 'n hewige storm omgeslaan en soos 'n stuk lood na die grond toe gegaan het. En watter kind het nie al van die „Jonge Thomas” gehoor nie, van „die Birkenhead” en ander skepe, wat op ons kuste vergaan het.

Die vernaamste winde in die Vrystaat is die weste- en die noordoostewind. Die eerste bring droogte en die tweede reën. In ander streke vind ons ook periodieke winde. In Switserland noem hulle hom Föhn, in Italië, Sirocco. In Indië het die mense net twee jaargetye; die droë monsoon en die natte. En eindelijk in die Sjinese See kry ons die Tiefone. Dit is verskriklike draaiwinde, wat alles in hulle vaart meesleep en honderde vaartuie laat verlore gaan. Gelukkig weet die mense min of

meer wanneer so 'n storm aankom: hulle kan dit een of twee dae vantevore al aan die lug bemerk. Die groot stoomskepe, wat in die seë vaar, kan natuurlik nie in die hawe gaan skuil nie. Maar die kaptein weet taamlik noukeurig watter kant die storm sal uitgaan, en probeer om uit die hart van die warrelwind weg te bly. Tog vergaan daar soms ook 'n stoomboot.


(*Uit De Buitenschool.*)

## OP CEYLON.

Die volgende môre snel elkeen na buitentoe. 'n Wolklose, tropiese hemel en 'n luisterryke sonneglans verwelkom ons op die voorgalery. Talryke straatjongens van Point de Galle storm op ons af, om hulle as wegwysers na die „Cinnamon-Gardens” of na die tempels van die Boediste aan te beveel. Nadat Mnr. Berriman en Mnr. Jollywell hulle oortuig het, dat hulle so teen brekfstyd, omstreeks half tien uur sou kan terug wees, besluit ons drie om 'n wandeling in die omtrek van die stad te onderneem.

Die strate van Galle bied maar baie weinig merkwaardigs aan. Die Europese wonings is meesal hotelle — die singalese hutjies is iets groter as die inlândse wonings op Java, maar is tog heeltemal na dieselfde model gebou; hulle dak is net 'n bietjie laer. Ons gids, 'n baster van Portugése afkoms, wat baie goed kon Engels praat, bring ons na buitentoe, midden in die tropiese natuur. Ons het 'n gereelde weg gevolg, by die begin langs een kant deur singalese huisies afgepaal, wat vrugte uitgestal het: banana's, manga's, en klappers. net soos op die groot passasie in Batavia. Weldra was

*Male Olfante.*



ons in 'n woud van kokospalme, waardeur ons moes gaan, en waarin die fel môresonstrale nie so ongehinderd op ons strooihoede afgedaal het, as weinige oomblikke te vore op die onbeskadude weg.

Dit was nou sewe uur in die môre. Onder die hoë, deursigtige palmgewelf heers 'n draaglike, hoewel tropies warme atmosfeer. Van die stortbuie van die vorige dag was niks merkbaar nie, as wat in die fraai, fris tinte van die gras en van die klappergroen, en in sekere eienaardige skerp plantegeur te voorskyn tree. Hier en daar staan, langs die kant van die pad, brokke van ou mure en ou geboue, wat met onmiskenbare sekerheid hulle Nederlandse en sewentiende-eeuse oorsprong ver-raai. Dit was maar brokke van mure, maar ruïnes van wonings—en tog roep hulle vir my voor die gees duisende herinneringe aan oud-hollandse eer en glorie, aan tallose wapenfeite, wat die dierbare driekleur triumferend laat spieël het in al die golwe aan alkante van die sonnige, Indiese Oseaan.

Reeds het ons die woud verlaat. Die terrein was op-draande. Ons breë, okerkleurige sandpad het nou langs die een kant 'n verkwikkende skaduwee gehad van 'n lang reeks van hoë bome. Statig bokant almal skiet die nagka omhoog, met sy donkergroen, yl blare en reusag-tige vrug op die middel van die stam. Naas hom het dik-werf die nigapalm en die lowerryke tamarinde gestaan; oral staan daar sago- en pinangbome, kaneelstruike, en die breë, gelende reuseblare van die pisang het nêrens ontbreek nie. Tallose hutte en wonings skemer deur die groen.

Mnr. Berriman het hom sinds enige tyd van ons gids meester gemaak, en het hom 'n gereëldde eksame in die singalese geografie, botanie en mineralogie laat aflê, wat vir hom baie goeie resultate opgelewer het, want by elke nuwe boomsoort het hy die naam baie tevrede in sy sakboekie opgeteken. Eindelik staan altwee stil aan die voet van 'n steil, hoogte, waar 'n skaar van singalese dorpskinders hom met 'n luid gejuig verwelkom. Daar

was die heiligdom van 'n Boedapriester; die kleinspan wou ons die weg wys met die verwagting van 'n geringe aalmoes.

Na boontoe, want die tempel was juis die doel van ons oggendwandeling. Die singalese jeug, olyfbruin van wese, met 'n vuilwit doek om die lende en die lang, gekrulde, swart hare, snel maar juigend vooruit, en wys ons die voetpad na die top van die hoogte. Ons kom daar op 'n klein platotjie, geheel oorskadu van klappers, tamarinde, mangabome en klein boompies.

'n Voetpad deur die groen bring ons by 'n oop plek, waar 'n soort van wit pleistermonument staan in die vorm van 'n reusagtige peperbus. Ons gids vertel dat dit dien om al die geld van die priesters te ontvang, en dat die geld daar onaangeroer bly lê vir die diens van Boeda, want die priesters was doodarm en moes van die aalmoese van die goeie gemeente lewe. Toe hy dit sê, trek hy so 'n skalk spottende gesig, dat ons al drie in 'n enigsins onstigtelike lag uitbars. Want daar het 'n geestelike in ons nabyheid gestaan, die ou Boedapriester, deur die kinders van ons besoek verwittig.

Dit was 'n afskuwelik lelke grysaard, met fonkelende, listige oë, geboë hoof, diep groewe in die vaalbruin geelaat, en gewikkel in 'n wye kleed van vuilgeel sy, uit tallose lappe aanmekaar geryg. Elkeen van sy vereerders onder die volk het 'n stuk lap gebring. Ons gids vra hom in Singalees verlof, om die tempel te mag sien, en, met 'n deftige gebaar skenk die ou die nodige vergunning. Hierdie tempel was 'n aghoekige geboutjie, wat my heeltemal die indruk van 'n ou-hollandse somerhuisie verskaf het. Ons moes ons hoofde ontbloot toe ons die priester na die binneste heiligdom gevolg het. Daar kry ons in die helfte van die vertrek twee glasdeure met klein ruitjies, in netjies blou geverfde rande gevat. En agter daardie ruitjies sit 'n reusagtige goue Boeda, wanstaltig wonderlik, kompleet soos die gewone afbeeldings hom altyd tamelik noukeurig voorstel. Aan sy regterkant sit 'n baie klein afgodsbeeldjie, wat skaars tot by Boeda se

voete reik, net so verguld, en dít stel Siva voor. Aan sy linkerkant was ook so een, maar ek het vergeet om te vra, wie daarmee bedoel word. Die ganse muur rondom ons was met goue figure op harde rooi grond beskilder en gee—as ons tolk waarheid gepraat het—'n aaneengeskakelde tafereel van die boedistiese leer omtrent die skepping en godgeleerdheid.

Wat my die meeste getref het, was 'n klein tafeltjie teen die glaasdeure aangeskuif en bedek met 'n skat van die heerlikste wit en rooskleurige, tropiese blomme. „Vra die priester”—sê ons vir ons tolk—„wat daardie blomme beteken?”

Die grysaard glimlag vol gees, toe hom die vraag oorgebring word. Hy antwoord langsaam en plegtig, volgens ons tolk: „Daardie blomme het 'n doodeenvoudige betekenis. Dit stel die siele van die gelowige afgestorwene voor, en wag hier in Boeda se heiligdom tot hulle gans verdor is. Want dan eers is hulle in Brahma se Eden aangekom!”

Toe ons 'n oomblik later die gebou verlaat, bied 'n knaap ons 'n bus aan vir 'n gif vir Boeda se tempelskat:—die ou gryns geestelike was lankal tussen die bome verdwyn.

*Dr. Jan Ten Brink.—Letterkundige Schetsen.*

Ons land het yster, goud en tin,  
 Ook kool om te verkoop,  
 En dan nog wól en vee daarby:  
 Nie wonder dat sy titel bly—  
 Die land van Goede Hoop.

## GLAS.

Vanmelewe het daar aan die kus van die Middellandse See 'n volk gewoon, wat bekend was as die „Foeniciërs.” Hulle was flukse seevaarders, het die kuns uitgevind om wol te verf en ook was hulle die eerste mense, wat glas gebruik het. Soos dit baie maal gaan, is hierdie uitvinding ook net met 'n geluk gemaak. Dit word verhaal, dat 'n paar mense 'n vuurtjie gemaak het op die see-strand en dat die sand toe begin te smelt en lang, glinsterende strepe gemaak het. Dit was net gelukkig vir hulle, want as ons by ons 'n vuurtjie maak gebeur dit nooit. Daar het dit natuurlik so gekom, omdat daar 'n besondere stof in die sand was.

Glas word gemaak deur verskillende stowwe saam te smelt. Suiwer wit sand, soda, kalkklip en ander stowwe word in groot kroese gegooi, waaronder 'n hewige vuur brand.

Hierdie kroese word met baie sorg saamgestel. Hulle bestaan uit 'n soort grond, wat besonder fyn gemaal word en aan klein gedeelteties van onder af tot 'n kroes saamgedruk word. Hierdie kroes moet dan van een tot twee jaar bly staan om te droë sodat die dele so goed moontlik kan verbind.

Voordat die kroes in die oond kom, word hy goed verwarm om te voorkom, dat hy later in die oond sal bars. Want as dit gebeur, dan sal die gesmelte glas in die oond loop, die kosbare kroes sal verlore wees en die oond sal nie meer kan gebruik word nie. Gewoonlik staan in die oond 'n paar kroese bymekaar, wat tegelyk verhit word. Hulle is van verskillende grootte, maar kan soms tot 1200 en meer pond glas bevat.

Die gesmelte glas moet van 12 tot 24 uur in die kroes onder 'n aanhoudende gestook sy hitte behou.

Die onsuiverheid, glasgal genoem, begin dan lang-samerhand bo-op drywe en kan afgeskuim word. Nou laat hulle die oond baie afkoel, tot die glas deegagtig word, waardeur dit gemaklik is om te bewerk.

Hoe maak hulle nou van hierdie taai stof glasruite?

Met 'n ysterbuis, glaspyp genoem, haal hulle 'n sekere hoeveelheid glas uit die kroes, net genoeg vir 'n ruit. Die boonste gedeelte van die buis is met hout omring, om hom te kan vashou sonder om gebrand te word.


Aan die glasklomp word 'n ronde vorm gegee, deur hom in 'n holte rond te draai. Nou word die glas weer in die oond warm gemaak, en die man begin deur die pyp te blaas of laat daar deur 'n masien lug in gaan. Langsaam word die glasbel groter, op dieselfde manier, as wat 'n kind met 'n pyp seepbelle blaas. Die blase is net langer, omdat die glas swaarder is. Eindelik is die kant dun genoeg. 'n Man moet jare lank leer eer hy sover kom, dat hy 'n bel kan blaas, wat oral ewe dik is. As julle oplet en goedkoop glas bekyk, sal julle gou sien, dat daar baie glas gemaak word, wat alles behalwe oral ewe dik is. Het julle al in 'n goedkoop spieël gekyk in 'n winkel of 'n hotel? Dan sal julle sien, wat slegte glas is.

Maar die goeie werkman het nou sy glasbel klaar, en met sy werktuie knip hy die twee uiteindes af en splyt dan die oorgeblewe silinder ope. Dit word dan op 'n tafel uiteengebuig en ons glasruit is klaar.

Die mooi vensters, wat ons in ons groot winkels sien, word weer anders gemaak. Daarvoor gebruik die fabrikant 'n lang plat tafel, van klip vervaardig en so glad as ys. Die tafel het 'n randjie, waarop 'n rol rus. Nou word die glasstof op die tafel uitgegooi en met die rol oral ewe gelyk gemaak. Op die manier kry 'n mens die groot spieëlruite.

In die eerste tyd het die mense stukke glas aan die mure en die solders van hulle kamer gespyker en het





*Glasbelle en grasruite.*

dit pragtig mooi gevind, en dit het lank geduur eer hulle sover was, dat hulle vensterruite kon maak. Die ou volke het hulle vensters nie met glas toegemaak nie, maar het dit bedags ope gelaat en het saans velle of tapyte daarvoor gehang.

In ons tyd sou ons maar lelik opkyk, as ons nie glas vir ons vensters gehad het nie. Ek het eenkeer 'n haelstorm oor my huis gehad, wat omtrent 80 ruite stukkend geslaan het. Dit was regtig ongemaklik en onplesierig.

Dan vind mens eers uit, hoe ons gewoon is aan al ons gemakke. En wat sou ons aanvang sonder drinkglase en waterbekers, sonder bottels en lampglase, sonder glase vir horlosies en brille. 'n Horlosieglas is 'n bietjie rond, dit het julle seker al gesien. Die mense maak eers 'n groot glasbol en sny daar ronde stukkies uit. 'n Brill

glas word geslyp. Dit is 'n baie moeilike werk; daarom is 'n goeie bril ook so duur.

Die lense van jou vader se verkyker word ook van glas gemaak. Die mense, wat die sterre bestudeer, moet ook gróót lense hê. As die glas geslyp is tot hy 'n driehoekige vorm het, brêek dit die ligstrale van die son en toon die sewe pragtige bestanddele van die wit lig. Soms sien mens die fraai glasies aan-mooi voorkamerlampe. En dan nog die kraaltjies van ons meisies: dit word mos ook van glas gemaak. Het julle al ooit van glaasoë gehoor?


Die kinders se poppe het dit, maar groot mense dra dit ook partykeer. As 'n mens by ongeluk sy oog verloor, kan hy een van glas koop, wat net so lyk as sy oorgeblewe oog. Hy kan daar nie meê sien nie, want as die gesig weg is, kan niemand op aarde dit weer teruggee nie; maar 'n glaasoog lyk tog beter as 'n leë oogkas.

Is glas nou nie 'n nuttige stof nie?

*(Uit De Buitenschool.)*

### 'N PORTRETJIE.

Een oog van glas, en een agter glas;  
 'n Neus, maar dit is half van was;  
 'n Kale kruin met 'n pruik daarop  
 Om weg te steek haar skynende top;  
 Een oor regtig doof, en die ander half;  
 Gerimpelde wange, maar vol met salf,  
 En tande wat uitkom wanneer sy nies,—  
 Dis die portretjie van tannie De Vries.



Die Romeinse arend, nie tevrede dat hy in die suide met onbepaalde mag kon heers nie, het oplaas sy vlug ook na die Noorde toe geneem. In Gallië het hulle die inval van Brennus al gewreek: 'n gedeelte van daardie land 'n wingewes van die Romeinse ryk verklaar, die orige belastingplichtig gemaak en met besetting in bedwang gehou. Maar hul sug vir oorheersing was daarmee nog nie voldaan nie. 'n Inval van die Helvesiërs, in die land van die Eduen het die Romeine aanleiding gegee om 'n nuwe oorlog te gaan voer, kamma om hulle bondgenote te ondersteun, maar waarvan die vernaamste doel was om die gebied van Rome ook na daardie kant toe uit te brei. Die beleid van daardie veldtog het hulle aan Caius Julius Cesar opgedra, en glansryk het hy 'n taak vervul, waarvoor niemand beter geskik was as hy nie. Hy het nie alleen die tallose Helvesiërs oor die Ryn teruggedrywe nie; maar op sy seëvierende weg, het hy die Belge aangeval, wat toe die noordelike gedeelte van Gallië bewoon en teen hom opgestaan het; en het al die volkstamme, wat onder hulle was, en wat hulle nie ootmoedig aan sy gesag wou onderwerp nie, verdêlg of verdrywe.

Dis nie 'n wonder, dat die roem van sy groot dade en die skrik van die Romeinse naam hierdeur tot aan die verste uithoeke van Germanië verbrei het nie: dis nie 'n wonder, dat dit al lankal deurgedring het tot in die moerassige eiland, wat daar tussen die Ryn en die Maas lê, en wat sedert omtrent 'n eeu deur die Bataviere bewoon was nie. Dit was darem nie die vrees vir Cesar se oppermag, wat hulle in hierdie oomblikke die meeste sorg ingeboesem het nie. Die legioene van die Romeinse veldheer was nog ver, en daar was nog nie rede om bang te wees, dat hy hom ook teen hulle vyandelik sou betoon nie; die onrus, wat nou op die eiland heers, het 'n meer nabygeleë oorsaak gehad.

Al het die Bataviere, soos ek gesê het, oorspronklik alleen maar die eiland, wat hulle naam dra, bewoon, het hulle aantal sedert enige jare so baie toegeneem, dat die land, wat hulle maar min bebou het, nie langer toereikend gewees het om vir hulle kos en woonplek te verskaf nie. Hulle kon hulle nie na die Noorde of na die Ooste toe uitbrei nie, want daar het die Friese, en ander volke, wat vyandig was, gewoon, en hulle was nie magtig genoeg om hulle terug te drywe nie; aan die suidekant van die Maas het die Menapiërs gebly;—alleen aan die oorkant van die Waal, nie ver van die plek, waar die Waal en die Maas toe saamgevloei het nie, het 'n landstreek gelê, wat tot daardie tyd toe onbewoon gebly het, en party van die Bataviere het dit in besit geneem.

Nie lank het hulle egter van die rus, wat hulle daar gesoek het, kon geniet nie. Die Usipete, een van die magtigste volkstamme van Germanië, het, deur sug na buit gedrywe, die Ryn oorgetrek, 'n gedeelte van die Bataviere, wat buiten die eiland gewoon het, verdrywe of verslaan, en die vroue en kinders in gevangenskap saamgeneem. Toe trek hulle na die suidekant toe en dryf nog ander volke, wat daar gewoon het, voor hulle uit.

Onder die Bataarse opperhoofde, wat vir die mag van die Usipete moes vlug en in die eiland van die Bataviere 'n skuilplaas gevind het, was Alwart die moedigste, as hy nie die vernaamste gewees het nie. Langer dan een van die ander het hy die stryd teen die ontelbare bendes van die vyand volgehou; en nie voordat al sy volgelinge om hom heen geval het nie, het hy die rivier oorgeswem. om sy landgenote te gaan opsoek en hulle aan te spoor om te kom help en wraak te neem. Die koms van hom en die orige vlugtelinge het by die Bataviere 'n groot opskudding verwek; en hulle het toe dadelik volgens hulle volksgebruik 'n volksvergadering by mekaar geroep om te raadpleeg, wat hulle in hierdie omstandighede sou doen.

Dit was in 'n heilige bos, aan die oewer van die Linge, waar hulle hierdie vergadering sou hou:—ek sé: in 'n heilige bos; want niemand moet hom hier 'n agbare en eeuheugende woud voorstel nie. Die meer na die noordelik geleë geweste, waar nou Holland, Friesland en ander plekke lê, was toentertyd met bosse oordek; maar die sogenoemde eiland kon natuurlik geen groot en swaar bome dra op grond, waar elke jaar vol riviere oorheen stroom nie. Die heilige plek, waar die Bataafse krygsmanne nou na toe trek, was met lang knoestige wilgerbome begroei, waartussen 'n oop stuk grasveld lê, ruim genoeg vir ses wit perde om op te wei. Hierdie perde het hulle nooit vir enige menslike arbeid gebruik nie, want die diere moes dan kamma by die offerplegtighede en towerye die wil van die Alvader verkondig.

Die vlak en moerassige eiland sou op sulke tye, deur 'n helder someraandson verlig, 'n tamelik sonderlinge skouspel gewees het vir iemand, wat daar van die hoogte van die Veluwe af op neergesien het. Ons moet ons 'n effe, groen vlakke voorstel. Die eenvormigheid word alleen afgebreek deur enkele silwer strepe, deur die

plasse of modderpoele gevorm, waar dit hier en daar die glansende hemel weerkaats, en deur die pontokke van die inwoners; wat op hulle hout pale, in groepe, elke woning darem afsonderlik gebou, taamlik hoog bo die grond staan.

Oor die grasryke land het die ploeg nog nooit 'n voor getrek nie: want die Bataviere, soos al dié Germaanse volke, was onvermoeid as hulle 'n kans kry om te veg, maar lui as daar vrede was, en van werk het hulle nie gehou nie. Die kuddes van groot en klein vee, wat om die woninge loop en die vis uit die riviere, verskaf aan hulle hul daelikse voedsel; wat deur die groot vermeerdering van die bevolking, waarvan ek al gepraat het, ten minste in die winter, nie meer toereikend was om in die behoeftes van almal te voorsien nie.

Uit die hoë huise sien 'n mens die breedgeskouerde bewoners langs die smal leertjie afdaal, gewapend met die bont geverfde skild, die kort spies, en die wapen, waaraan hulle die latynse naam van *framée* gegee het. Eintlik was dit nie meer as 'n sogenaamde priem of mes nie, waarmee hulle hul vyand van naby vreeslike snye kon gee en van veraf met 'n raak gooi verwond, net soos op sommige plekke onder die mense, wat op die land woon, nou nog die gebruik is. Nadat hulle vrindelik, maar alles behalwe roerend afskeid van hul talryke huisgesinne geneem het, gaan hulle na 'n soort van versamelplaas, waar hulle hul onder die bevel stel van iemand, wat hulle as opperhof gekies het, en wat hulle bereid is om te volg, al sou hy hulle ook waarheen lei.

Daar was nou al drie dae verby sedert die dag, waarop die volksvergadering vasgestel was: reeds het Alwart drie dae agter mekaar met brandende ongeduld deur die heilige bos op en neer geloop, en het hy die wat aankom vermaan, gesmeek en besweer om tog met die beraadslaginge te begin:—en nog was die getal van die krygshoofde, volgens die uitspraak van die Priesters.

nie groot genoeg sodat hulle met vrug iets kon beslis nie. Die rede, dat die mense so langsaam aan die oproeping gehoor gegee het, was omdat die aansienlikes nie graag op die volksvergadering wou verskyn sonder dat daar 'n klomp krygsmanne hulle vergesel nie, wat eweredig moes wees aan die roem, wat hulle verwerf het. Hulle wou dus nie optrek, voordat daar 'n genoegsame aantal volgelinge bymekaar kon kom, wat met hulle wou saangaan nie, en hulle dus ten minste met geen kleiner gevolg daar sou verskyn as die ander opperhoofde nie. Diensbaarheid het hulle nog nie gehad nie: die Bataviere het vrywillig en sonder dwang by die een aangesluit van wie se beleid en moed hulle die meeste gedink het. Daar hulle dus dikwels van aanvoerder verwissel, het ieder opperhoof sy reis soontoe so lank uitgestel, tot daar nie meer hoop was, dat hy nog een volgeling sou bykry nie.

Daar was egter een onder hulle, wie se agterbly nie aan daardie oorsaak kon toegeskrywe word nie. Dit was nie die vrees om met 'n te klein gevolg te verskyn, wat vir Warman kon teëhou nie; want daar was nie een van die Bataafse edele wat vir homself so baie roem verwerf het nie. Meer as duisend in die veld geharde krygsmanne kom met hom saam, as hy maar net op 'n volksvergadering verskyn. Hy het wel van sy huis af gekom, maar toe hy die heilige plek tot op 'n uur afstand genader het, het hy sy mense stil verlaat en het op sy briesende ryperd 'n ander pad ingeslaan, wat hom na die oewers van die Maas toe gebring het. Hulle het veronderstel dat hy die waarsegster Gauna, wat daar baie eensaam woon, gaan opsoek het, om voordat die beraadslaginge begin, met haar te praat en haar raad te vra hoe om in hierdie tydsomstandighede te handel.

Wat hiervan ook waar mag wees, hy het die volgende dag met sy mense op die bestemde plek verskyn, en hulle het eindelijk besluit, om met die byeenkoms te begin.

sonder om hulle nog verder aan die wat nog nie gekom het nie te steur.

Die onstuimige en van getergde ongeduld blakende siel van Alwart het tot rus gekom, toe hy sien, dat die krygshaftige opperhoofde rondom hom op die grasbanke gaan lê, en met die hoof op die arm gesteun, af wag wat daar sou voorgedra word om goed of af te kefir. Die strydbare manne en jongelinge, wat met hulle saam gekom het, het hulle oor die vlakte en buiten die heilige kring versprei; want ofskoon elke Batavier op die volksvergaderinge vry was om te stem, het hulle die kwessie, wat behandel moes word, darem eers in 'n vergadering van die vernaanste manne bespreek en meesal beslis, sodat as dit naderhand aan die volk voorgelê word, en hulle dan aan die beslissing die seël van hulle goedkeuring heg, dit maar in die meeste gevalle 'n saak van blote vorm was.

Nadat die Priesters van hulle hoë sitplek die mense gebied het om stil te bly, het Alwart in die middel van die kring gaan staan, en met 'n harde stem sodat almal hom kon verstaan, hulle in kragtige woorde die redes van die sameroeping bekend gemaak. Hy het met lewendige kleure die onverwagte inval van die Usipete geskilder: die slagting, wat hulle onder sy landgenote, wat ook Bataviere was, aangerig het; die wegvoer van vroue en kinders, wat hulle self nie kan verdedig nie; die wanhopige stryd, wat hy tot op die end toe volgehou het; en hoe hy, toe al sy volgelinge dood lê, as deur 'n wonder aan die swaard ontkom het. „En dis teen daardie onmenslike troepe,” so eindig hy sy toespraak, „dat ek, Bataviere! julle hulp kom inroep. My wraak is julle s'n geword; want ons is broers van een geslag: en wat vandag my lot is, kan môre julle s'n word. Gryp die wapens dan, Bataviere! Hef die strydlid aan! Laat ons die eerlose rowerbendes agterna gaan, en hulle die buit, wat hulle nounou gewen het, weer ontnem.



Moenie bang wees omdat daar so baie van hulle is nie, want al het hulle meer manne as ons, ons leër sal groter word, eer ons hulle bereik: 'n menigte van bondgenote, die Menapiërs, die Ambivariete, die Kondruse en Eburone, almal wat deur hulle rowerye gekwel word, sal opstaan en ons kant sterk maak. Vat dan die wapens! en druk hulle oor die Ryn terug, die rixier wat hulle op 'n ongelukkige oomblik en sonder oorlogsverklaring oorgetrek het, om hulle oormoed op ons te kom koel, terwyl ons daar rustig en sonder aan kwaad te dink woon."

Toe Alwart sy rede eindig, het daar 'n lewendige gromp van goedkeuring ontstaan by die meeste van die manne, en die goedkeuring het hulle nog duideliker laat blyk, deur, soos die manier van die land was, met die lans te skud, of dit teen die skilde te laat weerklink. Maar weer het die Priesters gebied, dat hulle moes stilbly; en toe kom Erner, een van die oudste en mees geëerbiedigde gesagvoerders en gaan staan in die kring. Die blos van vreugde, wat die toejuiging van die manne op Alwart se gelaat gebring het, maak nou plaas vir 'n uitdrukking van besorgdheid, en terwyl hy gaan sit, het hy angstig sy oë op die gryse Erner gevestig, want hy het somar op sy gefronse voorhoof en in sy spytige glimlag gelees, dat die raad, wat hy sou gee, nie met sy eie wense ooreen sou kom nie.

En dit was soos hy gevrees het. Erner het begin met die rampe, wat Alwart getref het, te beklag; hy het dit dubbel betreur, dat die Bataviere op die eiland nie van die inval van die Usipete onderrig was voordat dit te laat was om hulle te kom help nie;—maar hy dink dat dit 'n dwaas ding sou wees om nou 'n vyand te agtervolg, wat reeds so ver weggetrek het. Bowendien: watter uitslag kon hulle van so 'n tog verwag? Dit sou 'n versoeking van die Gode wees, om so 'n talryke nasie, soos die Usipete, wat nog gedurig deur bondge-

note van die oorkant van die Ryn af versterk word, met so 'n klein klompie te wil aanval, sonder ander hulp as wat hulle kan kry. van die volke, wat Alwart opgenoem het. Die meeste van daardie volke was ook al reeds verdrywe of verniel, en as al die strydbare manskappe van die Bataviere teen hulle sou uittrek, wie sou dan die eiland beskerm? Die Friese en ander nabure, wat hulle vyandig gesind is, sou so 'n skoon kans nie laat verbygaan nie, en al sou die Batavier ook seëvierend terugkom, dan sou hy na alle waarskynlikheid sy vee en huisraad weggeroof, miskien selfs sy woning deur ander beset vind. Dit was hierdie oorweginge, wat hom verhinder om sy stem vir 'n krygstog te gee.

Hulle het Erner se rede nie, soos die van sy voorganger, met speerklank toegejuig nie; maar die toestemmende knikke, die bedrukte manier waarop hulle nou kyk, het bewys, dat hulle die gewig van sy redenering voel, en dat die voorgestelde tog meer swarighedê gehad het, as wat hulle in die begin gedink het.

Nou kom Warman vorentoe; die magtige krygsman, van wie ons reeds gepraat het: en die oë van Alwart het oopnuut van hoop getintel; want Warman, die gevreesde, sou nooit 'n laaghartige stilsit aanraai nie. Die taal van die krygshoof het egter nie aan die verwagting, wat Alwart gehad het, beantwoord nie. Hy het wel die noodsaaklikheid geskêts om die Usipete hulle strooptogte af te leer: maar hy het tewens toegegee, dat die besware van Erner gegrond was, en dat hulle die vaderlike bodem nie van krygsvolk kon berowe nie. Hy het om die rede aangeraai dat hulle nog 'n paar nagte sou wag. Die Usipete, sê hy, het volke aangeval, wat in bondgenootskap lewe met die magtige Romeine, van wie se veldheer, Cesar, die mense so baie wondere verhaal het. Hulle kon verwag, dat hy so 'n belediging nie ongestraf sou laat bly nie. As dit dan eenkeer so ver sou

kom, dat die Romeine teen die Usipete sou optrek, dan was daar 'n skoon geleentheid, om met die eersgenoemde 'n verbond te sluit, en om met hulle hulp die gemeenskaplike vyand te verdelg. „Miskien,” sê hy tot besluit, „sal die tyd nie meer ver af wees nie: reeds is daar deur reisende koopliede, wat uit die land van die Ubiërs kom, tyding gebring, dat die keurbendes uit Gallië opbreek; en dit kan wees, dat Cesar, wat net so snel trek as wat 'n arend vlie, reeds op die oomblik, wat ek met julle praat, die Usipete tegemoet trek.”

„Was die koopliede miskien tevore deur Warman uitgestuur?” vra die grys Erner met 'n navorsende blik: „gestuur, om aan die Cesar die vryheid van sy land vir goud en silwer te verkoop? Ons weet almal wat die verbonde met die Romeine die Galliërs kos, ek sou my nog liewers met die Usipete verenig as met hulle. Daardie mense is ten minste tog Germane soos ons self ook is.”

„Aan die Romeine is die heerskappy van die aarde beloof,” sê Warman somber: „ons moes liewers probeer om hulle vir vrinde te kry, as om 'n stryd te wae, waarvan slawerny eenkeer die end sal wees.”

„En so is hulle dan onoorwinlik, daardie Romeine?” vra die ou Batavier, terwyl 'n jeugdige vuur in die diep oogkaste flonker: „is hulle vleis dan van staal: is ons frameë strooihalms? Soëwe het ek 'n dwaas krygstog afgeraai; maar ou Erner sou die eerste wees om die strydkierie te swaai, as daar ooit 'n seun van Rome hom op ons velde sou durf vertoon.—Maar sedert wanneer gee Warman, wat voorheen so 'n beroemde krygsman was, lesse van onderwerping?”

„Erner!” roep Warman, „as die eerbied vir jou grys hare my nie teëhou nie, jy sou my nie ongestraf beskuldig van voornemens, wat my boesem net so onwaardig is, as hulle ver buite my mening lê nie. Ek verlang net so min as jy om die Romein hier as meester

te sien heers; luister vir my, grysaard! en laat geen ydele toorn jou helder brein dof maak nie. Dis juis om die geweld van die stortvloed, wat, erger as die Usipete, hom oor die wêreld uitsprei, van ons grense af te keer, dis om 'n moontlike nederlaag te voorkom, dat ek wens om ons van die vriendskap en beskerming van die Romeine te verseker. Luister! en jou groot ervaring sal my gelyk gee.—Maar jy, Alwart! verwyder jou vir 'n rukkjie uit ons kring: dis nie in jou teenwoordigheid, dat ons jou voorstel kan oorweë nie.”

„My voorstel!” sê Alwart bitter, „julle het dit reeds uit die oog verloor: en in plaas van aan my wraak te dink, bekommer julle julle oor die Romeine, wat nog ver is, en oor hulle onsekere voornemens. By die magtige Wodan! As julle, soos ek, julle mense gesien val en 'n geliefde vrou in slawerny wegvoer het, jy sou daar nie so besadig staan en praat nie. Maar vandag sal ek nie weer kom nie; môre nag, wanneer die ganse volk gehoor sal word, dan sal ek opnuut my stem laat hoor, en dit miskien met meer weerklank!”

Met hierdie woorde het Alwart weggegaan; en toe hy buitekant die heilige bos kom, het hy op sy vurige ryperd gespring, wat daar op hom gestaan en wag het. Sy bloed het gekook, en hy het behoefte gevoel om die onrus, wat hom besiel, deur 'n sterk beweging te laat bedaar. Daar kom hom plotseling as 'n ligstraal die denkbeeld voor die gees: „Na Gauna toe! na die townares! sy alleen het invloed genoeg om die onwillige opperhoofde te laat besluit om vrede te maak of oorlog te voer. Na Gauna toe! sy moet my dringende versoek hoor.”—En met 'n onstuimige vaart galop sy perd oor die vlakte voort.

## II.

Alwart het omtrent twee uur lank sonder ophou gery, toe hy die eensame woning, die doël van sy reis, voor hom sien verrys. Dit was 'n vierkantige toring van wit klippe, wat afgesonder van elke ander menslike verblyf op 'n klein koppie, of sogenaamde vliedberg, in die maanlig gestaan en pryk het. Die omgewing het niks anders vertoon as 'n nare eentonigheid van mberassigê grond, waardeur in die verte die Maas sy silwer waters seetoe stuur. Die kaal mure van die afgeleë gebou sou geheel verlate gelyk het, as die teenwoordigheid van 'n paar beeste, wat in 'n kampie op die wêrf lê, en 'n klein groentetuintjie met twee of drie vrugtebome ('n snaakse verskynsel op die eiland) nie gewys het, dat hierdie ou stil plekkie, selfs meer as die gewone huise van die Bataviere van die gemakke van die lewe voorsien was nie.

Alwart het nou sy perd stadiger laat stap. Toe hy nog omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kon gooi, van die toring af was, klim hy af, laat die getroue dier los om te gaan wei, en het toe teen die beuwel opgeloopt. Maar plotseling staan hy doodstil: hy kry nou eers gedagte dat dit nag is, en dat sy onverwagte koms die toewares miskien sou kan steur.—Hy was egter al gou gerusgestel: want toe hy naderkom, sien hy die vrou, wat hy soek, voor hom. Sy het digteby die ingang op 'n ruwe klip gesit, in 'n wit sluier gewikkel, wat om die hoof gedraai in breë plooië oor die skouers hang, en niks was onbedek as net die ontsagwekkende gelaat, wat, van Alwart afgekeer, na die kant van die Maas toe afkyk. 'n Vreemdeling sou hierdie wit gestalte, soos die maan nou op haar neerskyn, vir 'n marmer standbeeld aangesien het: vernamlik, omdat sy daar so onbeweeglik bly

sit, en dit skyn dat sy die koms van Alwart nie eers opmerk nie.

Die Bâtavier bly huiwerig op 'n afstand voor haar staan, sonder dat hy dit durf wae om haar stil aandag te verstoor. Na enige oomblikke, wat vir hom eene gelyk het, het sy langsaam en ewe bedaard die hoof na hom toe gedraai, en terwyl sy hom met haar donkerblou oë skerp aankyk, sê sy :

„Ek het geweet, dat jy sou kom, Alwart, en ek het jou verwag.”

„As u geweet het, dat ek sou kom, heilige Moeder!” sê Alwart. „dan weet u ook die rede, waarom ek hierheen gekom het.”

„Die hoofde van die Bataviere is bymekaar,” sê die townares. „en Alwart kom aan Gauna vra, om hulle harte tot die stryd te neig.”

Alwart knik toestemmend en vou smekend die hande; toe sê die gewyde maag verder :

„Die bedes van die mense styg tot die wolketroon van die Alvader op. Gauna is maar net werktuig in sy hande, en sy vervul die bevele van die opperste wil: solank daardie wil hom nie aan haar openbaar nie, is sy net soos 'n hol riet, wat alleen 'n geluid kan gee, as die asem van die mens hom besiel.”

Alwart het glad verslaë gestaan. Moes hy dan orals teleurstelling ontmoet? „Gauna!” sê hy, nadat hulle enige oomblikke stil gebly het, „vergeef my my vrymoedigheid; maar is dit nie die ewige wil van die Gode, dat ons ons vervolgte broers sal help, en ons op ons vyande wreek nie? En is dit nodig vir u, dat die Gode opnuut moet verklaar, dat hulle u landgenote sal aanspoor, om so 'n heilige plig te betrag?”

„Ek verskoon jou onbedagte woorde,” sê Gauna: „die mense, wat deur droefheid buite hulleself is, en hulle, wat die harsings deur garsbier bedwelm is, is eners: hulle

praat woorde van dwaasheid, waarop die wyse nie agslaan nie. Die Gode het tot nog toe geswyg:—die nag vir die vervulling is nog nie daar nie.”

„Dan bid ek, dat die Alvader aan my swak woorde die vermoë sal gee om die harte van my landgenote te buie,” sê Alwart, en hy wou weggaan, toe hy in die verte ’n man te perd op galop van die Maaskant af sien aankom. As hy ooit durf dink, dat Gauna hom miskien kon mislei, dan kon hy gis, dat nie hy nie, maar wel die man te perd, die persoon was, wat sy verwag het, en na wie se koms sy verlangend uitgesien het.

„Alwart!” sê die townenares, wat die man ook opmerk het, „jy kan Gauna nie verlaat sonder haar gasvryheid te geniet nie. Gaan binnekant toe, daar in die toring in; jy moet eers iets eet en van jou vermoeienisse uitrus. Jy sal môre jou kragte nodig hê. Kom hieër na toe, Walla!”

’n Jong diensmaag kom toe na die ingang van die toring toe. Gauna het haar ’n wenk gegee, en toe vat sy Alwart aan die slip van sy kleed, en trek hom, half gewillig, half onwillig, na binnetoe. By die heengaan het Alwart darem nog ’n blik op die naderende ruiter geslaan: dit het vir hom baie gelyk soos ’n reisende koopman, ’n gebore Galliër, wat die naam van Erix het, een van die mense, wat in die onbeskaafde tye, met hulle gewone bedryf van boodskapper ook die van tolk, somtyds ook die van verspieder verenig het. Toe hy binnekant kom, het die meisie Alwart op ’n teug garsbier onthaal, en daarna agter ’n soort van beskot gebring, waar ’n kooi van droë riet gemaak was. Mismoedig het hy daarop gaan lê en baie gou het die vermoënis hom, wat nou al sedert dae geen rus geniet het nie, sy griewende kwellinge in die arms van die slaap laat vergeet.

Nouliks het hy ’n paar uur op die eenvoudige kooi deurgebring, toe hy hom vinnig aan die arm voel trek en

wakker word. Daar sien hy die meisie weer voor hom staan, wat hom wink om op te staan en haar te volg. Alwart gehoorsaam; dit was reeds helder dag toe hy buitekant die toring kom; voor die ingang het 'n wa gestaan met twee osse daarvoor, waarin die townares sit. Wat die koopman aangaan, al was hy ook hoelank daar, hy was darem nou al weer weg.

„Alwart!” sê Gauna: „die Gode het gespreek; ek gaan na die volksvergadering toe.”

„Dank die Alvader!” het Alwart verheug uitgeroep: „en sal u woorde van oorlog of van vrede klink?”

„Dit sal van een ding afhang,” was Gauna haar antwoord: „klim op jou perd; ry na die oewer van die Maas toe, en gaan daar oor dié rivier: as die mense, wat jy aan die oorkant sal kry, jou gasvry en vriendelik behandel, dan is dit 'n teken dat die Gode ons in wat ons onderneem sal begunstig,—in die teenoorgestelde geval sou dit 'n dwaasheid wees om iets te wae.”

„En,” vra Alwart verbaas, „wie sou ek aan die verlate linkeroewer kry? Net die rowers, wat my alles ontnem het, wat my dierbaar was. As die uitslag daarvan sal moet afhang, dan kan ek nou reeds voorsien, dat die wens van my siel nooit vervul sal word nie.”

„Die Gode het deur my tot jou gespreek,” sê Gauna, en sy hef haar hoof met majesteit op: „die kortsigtige mens het nie reg om hulle geboorte te ondersoek nie. Gaan jy nou en wees gehoorsaam! Of het jy nie die moed, om die gevare te tart, wat aan hierdie oortog verbind is nie?”

Op hierdie woorde het Alwart nie geantwoord nie: sy oë het van drif en verontwaardiging gevlam; hy fluit maar net, en sy perd, getrou aan die gegewe teken, het spelend en huppelend na hom toe aangekom. Net een spring en hy was in die saal, en op 'n galop die heuwel af, na die Maaskant toe.

Onder die wegry het Alwart aan die vars spore in die klei opgemerk, dat die ruiter, wat in die nag Gauna se



toring besoek het, langs dieselfde pad, waarlangs hy gekom het, weer teruggekeer het. Hy het besluit om op die spore te gaan, omdat dit vir hom tog onverskillig was, waar hy die rivier moes oorgaan. Nadat hy 'n half uur gery het, het hy aan die oewers van die Maas gekom, wat hy 'n tydlang nie kon sien nie, omdat daar 'n taamlike digte bos voor hom was.

Ondanks die dinge wat Gauna gesê het, was dit met die grootste verwondering dat hy, by die eerste oogopslag, daar op die oorkant, 'n talryke ruiterbende sien. Op hierdie gesig het hy doodstil bly staan, en probeer om uit te vind tot watter stam van die Germane die oorlogsliede behoort, wat hy daar so vinnig heen en weer sien rondry. Maar nieteenstaande sy gesig besonder skerp en die rivier op daardie plek nie breed was nie, kon hy die vraag nie beantwoord nie. Dit was geen Usipete nie, dit kon hy duidelik sien: maar die kleding van die vreemdelinge was ook nie van die soort wat die Germane gewoonlik dra nie. Dit was nie beesvelle wat om hulle lywe sluit nie, en ook nie wol- en syklere, wat Galliese koopliede nou en dan in die land gebring het nie: dit was 'n baie glansryker stof, hier en daar met metaal oordek, waarop die sonstrale weerkaats het. Wat die ruiters op hulle kop dra, het 'n vorm gehad wat hy nie ken nie, en dit het vir hom gelyk, of dit van glad gepolyste yster of van 'n kosbaarder metaal vervaardig is. Die perde was ook van 'n fraaier soort as wat hy ooit gesien het, en hulle was almal op dieselfde manier opgesaal. Terwyl hy in hierdie beskouing verdiep was, swaai die hele bende meteens hulle perde, en ry in goeie orde langs die oewer op, na die oostekant toe.

Maar 'n klein klompie het oorgebly, en juis hulle het nie die blink uitrusting gehad, wat hy by die origes opgemerk het nie. Hulle het nie spore en ook nie skilde gedra nie, maar net 'n kort swaard aan die heup, en

hulle kleding het nie baie verskil van die van die Galliërs nie.

Een van hulle het, deur die spierwit perd, waarop hy sit, besonder die aandag van Alwart getrek. Uit die verte gesien, lyk hy al taamlik bejaard. Hierdie ruiter het met opmerkzaamheid na 'n groot wit lap gekyk, wat 'n soldaat voor hom uitgesprei gehou het, en waaroor 'n derde persoon, wat ook te voet was, strepe en figure skyn te trek, terwyl hy nou op die rivier, dan weer op die bome in die omgewing, en dan weer op die lap gewys het: wat Alwart laat dink het, dat hulle besig was met 'n beswering of towery. Behalwe die drie persone, wat ons hierbo genoem het, het die geselskap uit 'n paar ruiters en 'n dienskneg bestaan, wat die perde van hulle, wat afgeklim het, aan die teuel hou.

Terwyl Alwart so ewe nuuskierig vir hulle staan en kyk, en nog getwyfel het of hy op hierdie plek oor die rivier sal gaan of nie, het daar iets voorgeval, wat hom die geskikste geleentheid gegee het, om met sy oorkantse bure bekend te word. 'n Rukwind het onverwags die vierkantige lap, waar ek van gepraat het, uit die man, wat dit opgehou het, se hande geruk, en het dit, voordat hy dit kon verhinder, in die middel van die rivier gegooi. Die man het seker baie waarde aan die ding geheg, want hy het nie geaarsel om in die water te spring, en agter die lap aan te swem nie. Hoewel nie sonder taamlik baie moeite, het hy darem so ver gekom om die drywende rol in te haal; maar toe hy dit het, en weer na die oewer wou terugkom, lyk dit of hy nie krag genoeg het om teen die wind en die stroom op te swem nie, en dit het hom vernaamlik swaar geval, omdat hy maar een arm kon gebruik, want met die ander hand het hy die lap bo die water gehou. Of hy baie hoog van sy swemkuns gedink het, of dat hy 'n kramp of 'n ander toeval gekry het, plotseling het hy weggesink, terwyl hy angstig

om hulp geskreeu het, en die wit lap het weer alleen op die watervlakte rondgedrywe.

Net toe hulle die noëdkreet hoor, het die vreemde ruiters hulle perde in die rivier ingestoot, om as dit moontlik was die man te gaan help; maar ook op dieselfde oomblik het Alwart van sy kant dieselfde gedoen, en sy ryperd, wat van die rivier niks gedink het nie, het die plek, waar die onbekende weggesink het, reeds bereik, toe die ander ruiters die oewer skaars verlaat het. Toe Alwart op die plek kom, het hy geduik, en enige oomblikke later verskyn hy weer bo die water. Toe hy opkom, het hy die vreemdeling, wat hy gered het, in die arm gehou, en het die rivier verder met hom deurgeswem, en hy, sy perd en die twee ander ruiters het amper op dieselfde oomblik aan land gekom. Die man, wat op die wit perd gesit het, het, net toe hy sien dat die man deur Alwart gered was, agter die rol aangeswem, wat hy toe weer saambring en deur een van die ander op die sand laat uitsprei en klippe opsit, om dit nie te laat wegwaai nie.

Alwart het ondertussen die man, wat hy van die dood gered het, nog meer van naby beskou, en hy het hom nie min verwonder, toe hy in die gesig, wat nog doodsbleek was, die gelaatstrekke van Erix die Galliër herken nie.

Die orige vreemdelinge het die verkleumde liggaam van die koopman gevat, het die water, wat hy ingeswelg het, laat uitloop, en hom op sy perd gesit. Daarna het twee van die ruiters aan weerskante van die perd geloop en hom ondersteun, en so het hulle hom weggevoer langs dieselfde pad, wat die bendes gegaan het.

Terwyl hulle met die man gewerk het, het die ruiter, wat op die wit perd ry, en Alwart mekaar met 'n oog van nuuskierigheid en belangstelling aangekyk. Die indruk was van beide kante gunstig; maar by Alwart het dit gepaard gegaan met 'n onwillekeurige gevoel van ontsag.

waar hy homself geen rede van kon gee nie; want hy kon nie verstaan, waarom die gladde en vol gelaat, die blosende gelaatskleur en die vrindelige mond, waarom nie 'n haartjie te sien was nie, hom meer getref het as die ver-  
 vaarlike knewelbaarde en die ruwe uitsig van die Ger-  
 maanse krygsliede nie. Alwart het nou ook gesien dat hy  
 homself bedrieg het, toe hy op 'n afstand die kaalheid van  
 daardie breë voorhoof vir 'n bewys van hoë jare gehou  
 het. Die ruiter was 'n man in die krag van sy lewe, geset  
 van postuur, goed gevorm, ja, sy gehele uiterlik sou meer  
 'n man aangekondig het, wat 'n gemaklike, genoeglike  
 lewe lei, as een wat die krygsgod volg. In die twee  
 gitswart oë het egter 'n vuur geblink, so vlammend en  
 verterend, dat Alwart verplig was om sy oë neer te slaan.  
 Toe hy dit doen, het sy blik geval op die pote van die  
 melkwit perd, en nou sien hy, dat die uiteindes daarvan  
 nie voorsien is van ronde hoewe nie, maar dat dit ge-  
 splyt is, nes die hand van 'n mens, -Toe kom daar 'n  
 koue huiwering oor hom, en hy het gedink dat hy hom  
 in die teenwoordigheid van 'n geheimsinnige, bowen-  
 aardse wese bevind.

Dit het gelyk of die ruiter die indruk wat hy maak,  
 bemerk het; hy het geglimlag, en sy fonkelende oë het so  
 'n welwillende uitdrukking aangeneem, dat Alwart ge-  
 rusgestel gevoel het.

Tot nou toe het geen een van hulle 'n woord gespreek  
 nie; maar die blikke en gebare van die vreemdeling,  
 wat op die geredde Galliër gerig was, het Alwart laat  
 verstaan, dat hulle hom vir sy tydige hulp bedank. Toe  
 die Galliër egter uit die gesig weg was, het dit gelyk  
 of die aandag van die ruiter hom weer vestig op die  
 wit lap, wat oor die sand uitgesprei lê. Alwart het nie  
 getwyfel dat dit 'n lap was, wat hulle heilig beskou nie.  
 Dit was, soos hy kon sien, een linne doek, met 'n harde  
 selfstandigheid, wat hom onbekend was, beplak, en daar

op was verskeie gedaantes, soos slange, bome en pyle afgebeeld.

Plotseling het die vreemdeling Alwart weer aangekyk, en hy vra hom toe met 'n welluidende stem, in gebroke Germaans:

„Is u 'n Batavier?”

Alwart het toestemmend geknik.

„Hoëveel treë is dit hiervandaan tot aan die Ryn, as 'n mens dwars oor die eiland loop?”

Alwart het sy skouers opgetrek: miskien het hy hierdie vraag nie verstaan, of miskien het hy nooit oor die ding nagedink nie.

Die vreemdeling vee met die hand oor sy ken, en dit lyk of hy nadink, op watter manier hy sy vrae duidelik genoeg sou kan inrig. Nadat hy enige oomblikke stil gebly het, het hy opnuut begin.

„Is die Ryn net so breed as die Maas?”

Alwart het met sy kop geskud.

„Waar loop die Ryn in die see in?”

Alwart het die arm uitgestrek en die vingers uitgesprei, net as of hy wou sê, dat die rivier daar verskeie strome het.

Die onbekende het goedkeurend met die hoof geknik, klim toe af, en wys op die rol. Daarná het hy aan een van die twee dienaars wat nog agtergebly het 'n dun rietstokkie gevra, en met die punt daarvan die slangvormige figuur, wat op die doek afgeteken was, gevolg.

„Dis dié Maas,” sê hy, „en dit,” vervolg hy, terwyl hy 'n tweede dergelyke figuur aangewys het, „dit is die Ryn.”

Hoewel die Bataviere nog maar weinig van die kunste en wetenskappe van die beskaafder nasies geweet het, was hulle darem nie so heeltetal afgesonder nie. Al-

wart het partykeer darem gehoor, hoe die mense in Gallië en op ander plekke gewoon was om die grond te meet en landkaarte te maak. Hy het verstaan, dat hy so 'n kaart voor hom het, en nou het hy hom beter in staat gevoel, om die vrae te begryp en te beantwoord, wat die vreemdeling hom doen oor die loop van die riviere, wat hy voor hom het, en die geaardheid van die gronde, wat daar tussenin lê. Waar hy hom egter die meeste oor verwonder het, was die korrektheid van die berigte, wat die ander man omtrent die onderwerpe reeds gekry het.

Opeens skiet hom iets te binne: „Wat kan die doel van al die uitvraery miskien wees? Is hierdie ruiter ook 'n verspieder, wat die een of ander Vors, wat die eiland wil bemagtig, gestuur het; en wil hy dalk nou so probeer om op die hoogte te kom van die beste manier om daar te land?

Hy het dus somar meteens met die gee van inligtinge opgehou, en het op sy beurt begin om uit te vra: „My vriend!” sê hy, „ek het u antwoord gegee, maar nou wil ek ook weet wie u is.—U dra die kleding van 'n Galliër, maar u oë is nie die van die Keltiese stam nie.”

Die vreemdeling het geglimlag: „U is reg,” sê hy: „ek behoort nie aan die volk, wat u daar noem nie; as u meer van my stam wil weet, moet u maar met my meegaan, en ek sweer by die Gode, dat u nie spyt sal hê dat u die moeite gedoen het nie.”

Hierdie ontwykende antwoord het Alwart' nie tevrede gestel nie: nee, hy begin nou sy nuwe kennis nog meer te wantrou. Hy klim toe vlug op sy perd en sê:

„U is tog nie 'n bondgenoot van die Usipete nie?”

„Nee, by Herkules! ek is dit nie,” antwoord die onbekende, en hy klim ook op sy perd: „dis juis na hulle vyande toe, wat ek jou wil bring.”

„As dit so is, dan sal ek u volg,” hervat Alwart: „maar met hierdie voorwaarde, dat ek môre met sonop my weer na die eiland toe kan spoed, waar my teenwoordigheid vereis word.”

Die ruiter het toestemmend geknik en in 'n vreemde taal enige woorde vir sy metgeselle gesê. Die landkaart, wat nou weer droog was, het hulle opgerol; en toe gaan hulle op pad, en volg die linkeroewer langs die stroom op. Nadat hulle 'n klein endjie gegaan het, stuur die vreemdeling meer landwaarts in, om 'n pad te volg, wat om en deur 'n bos geslinger het, en met akkerbome en beukebome begroei was. Langsamerhand kom daar van alle kante ruiters aanry, wat, sonder om enige woorde met ons reisigers te wissel, by hulle aansluit. Gougou was die agterhoede taamlik sterk, sodat Alwart gesien het, dat, al het hy eers vrywillig saam gegaan, nou is dit vir hom te laat om weer om te draai.

Intussen het die vreemdeling weer sy vrae oor die eiland van die Bataviere hervat en gevra, wat dit omtrent vir sy bewoners opbring.

„Dis 'n land,” het Alwart versigtig geantwoord, „waar 'n vyand wat daar inval, niks sal kry as slae en koue nie. Dit bring skaars genoeg op om sy bewoners in die klere te hou en kos te gee.”

„As dit die ding is,” het sy geleider hervat, „dan kan ek darem nie verstaan waarom die jong kêrels van julle nie 'n geleentheid soek om op ander plekke vir hulle kos en klere aan te skaf nie. Die wêreld is nog groot en ryk genoeg om aan die ondernemende man te verskaf wat hom ontbreek. As jy jou aan die Romeine wou verbind, dan sou hulle jou in die geleentheid stel om buit en roof te versamel, soveel as jou hart begeer.”

„Ons is almelewe vry gewees en ons wil nie Romeine dien nie,” het Alwart trots geantwoord.

„Djs veiliger,” sê sy reismakker, „om liewers vry-willig as deur dwang die beskerming te soek van 'n volk, wat die, wat hulle onderwerp, spaar, maar wat die hovaardiges uitroei.”

„Die Romeine is nog ver,” sê Alwart toe weer, en hy lag: „en eer hulle by ons kan wees, moet hulle eers deur die Usipete kom, wat, soos ek tot my ramp geleer het, so baie is as die blomme op die veld.”

„U moet versigtig wees!” sê die vreemdeling: „die Romeine kan dalk eerder op julle eiland wees, as wat jy dink.”

„Al sou hulle nie 'n vyand vind nie,” het Alwart geantwoord, „dan sou hulle tog enige dae moet reis, voordat hulle uit die land van die Bellovake soontoe kan kom.”

„Jy bedrieg jou,” sê die onbekende, en hy wys van die heuwel af, wat hulle teen opgeklim het, voor hom uit in die vlakke: „daar is hulle.”

Alwart het baie verwonderd na ondertoe gekyk. Van die hoogte af, waarop hulle was, kon mens die plek sien, waar die Maas en die Waal samevloei. Voor hom, aan die linkeroewer van die rivier, staan, so ver as sy oog kon sien, 'n laer, waarin duisende van krygsliede rondkrioel, en waar duisende arbeiders besig was om grondwalle en skanse te bou. Dit was die laer van die Romeine. Aan die oorkant, op die punt, waar die twee riviere samevloei, aan die uiterste grens van die streek, waar Alwart gewoon het, kon 'n mens 'n ander kamp sien, wat in die rondte gebou was. Dit was die Usipete se kamp.

„Hoe!” roep Alwart verbaas vir sy geleider: „U is 'n Romein, U?”

„Jy sien,” sê hy: „dat hulle en die Usipete daar langs mekaar staan. En nou, as jy jou graag wil wreek op hulle,



wat jou beledig het, dan is hier 'n geleentheid so goed as jy wil hê. Maar ek veronderstel, dat sommige van jou landgenote hulle seker by jou sal aansluit.

Alwart het geswyg: sy oog brand van verrukking by die gedagte om die smaad, wat die Usipete hom aangedoen het, op hulle te kan wreek; maar na wat op die landdag gebeur het, kon hy nie daarvoor instaan, dat sy landgenote net so oor die saak sou dink as hy nie. Intussen het hulle haas gemaak om van die hoogte af te kom, en was hulle gou in die laer. Alwart was nie min verbaas oor die nuwe skouspel, wat hy hier voor hom sien nie. Die veld, wat hy vroeër kaal en onbewoond geken het, was in 'n volkryke stad verander, slegs met hierdie besonderheid, dat hier tente die plaas van geboue ingeneem het. Dis waar, die grootste gedeelte van hulle, wat by hom verby en om hom oor die tallose strate en pleine loop, was ruiters of soldate; maar 'n mens sien daar ook koopliede, verskillend in kleding en gelaatskleur, wat met die gewone soldaat handel drywe; arbeidsliede, wat besig is met die vervaardig van werktuie, waarvan ons Batavier dikwels die doel nie geweet het nie; vroumense fraai opgesier, wat purper drankie, of goue vrugte, of fris blomme wil verkoop. Hulle gesiggies is wel deur die son verbrand, maar is tog vrolik en steek bevallig teen die ruwe gelaatstrekke van Cesar se veterane af. En watter verskil was daar tog in wapens, in kleding, in die nasionale karakter. 'n Mens sien daar die Italianer met die skrande en listige gelaat, die bruin, deftige Iberiër, die Kelt, met die blonde hare; die Numidiër, met die tiervel om, en die swart etiopiese slaaf. „O!” dink Alwart, „as hierdie almal aan die groot Cesar onderdanig is, dan sal dit tog seker nie 'n skande vir die Batavier wees, om hom in die veld te volg nie.”

„Hier moet ek u verlaat,” sê sy geleider opeens, toe hulle voor 'n ruim, taamlike aansienlike tent kom: „bly

nou hier en rus:—môre kan jy na jou mense toe terug keer en hulle meedeel, wat jy gesien het.”

·Nadat hy hierdie woorde gesê en hom vriendelik gegroet het, het hy hom verwyder, terwyl enige van die ruiters afklim, en Alwart wink om hulle voorbeeld te volg. Hulle het hom in die tent gebring, waar hulle voor gestaan het, en hom met alle blyke van welwillendheid genooi, om deel te neem aan die maaltyd, wat deur rats slawe opgebring word.

### III.

Die aand van dieselfde dag het die onderbevelhebber Sulpicius Rufus na die tent van die veldheer toe gegaan: een van die talryke slawe, wat hier die diens waargeneem het, het hom aangemeld, en het spoedig gekom om hom te sê, dat Cesar vir hom wag.

Hy het die veldheer, wat aan 'n klein ronde tafeltjie sit, besig gevind met 'n paar reëls by te skrywe in die gedenkskrifte, wat voor hom lê. Daardie reëls het die slag iets vermeld, wat in Cesar se dagboek maar min voorgekom het: 'n nederlaag.

„Ek is bang dat ek ongeleë kom,” sê Sulpicius: „na die vermoënisse van die vorige dae sal Cesar seker na rus verlang.”

„My rus is verwisseling van arbeid,” sê Cesar; „en daarby kan ek nie aan rus dink, wanneer slegs 'n rivier ons afskei van 'n vyand, wat ons gister nog so 'n dugtige bewys van sy waaksaamheid gegee het nie. Wat vir goeds het u te sê? Sal ons môre kan aanval en die dood van Piso wreek?”

„Die leër sal na so 'n geweldige mars nog 'n dag nodig hê om uit te rus.” sê Sulpicius.

„En af te wag, dat die vyand uit sy land versterking ontvang?” vra Cesar, terwyl hy sy hoof skud: . . . dan sal dit ons voorwaar maar min help, dat ons met 'n snelheid, waaraan die afstammeling skaars sal glo, so 'n ver tog deur bosse en moerasse afgelê het. Nee! die rus van een nag moet vir die Romeine genoeg wees; môre oggend om vyf uur moet die teken van die aanval gegee word. Ons is hier op 'n goeie vegplek: regs, links, voor ons 'n rivier; ons moet hier oorwin of verdrink. . . Die enigste ding, wat ek nog sou verlang, is dat ons ruiters so ervare in die oorswem van riviere was as die Usipetë. Daarom wou ek so graag die Batavië van die eiland eers vir bondgenote hê.”

„Ek het gedink,” sê Sulpicius, „dat die Bataafse profetes u reeds die belofte gegee het, dat u op hulle hulp kan reken.”

„Gister nog het sy my deur Erix van Bibrakte haar samewerking belowe. Maar hulle sal waarskynlik te laat kom; want die Batavië laat, net soos alle Germane, gewoonlik die oomblik van handel met talmende beraadslaginge verbygaan. . . maar nou dat ons daarvan praat: het die Batavier, wat vandag in die laer gekom het, alles gekry wat hy nodig het?”

„Wat so 'n skepsel nodig het, is nie baie nie,” het Sulpicius geantwoord: „maar hulle het hom oorvloedig te drink gegee, en 'n paar Galliese soldate by hom laat bly, wat hom die onwaarderbare voorreg van die Romeinse bondgenootskap sal skilder.”

„Dis goed! Môre moet hy met sonop met baie geskenke na sy eiland terug gestuur word. Dit sou my verwonder, as ons hom voor die aand nie met hulptroepe terug sien nie.”

„Ons sal dit hoop,” sê Sulpicius: „ofskoon ek nie weet of daardie eiland 'n groot aanwinst voor ons sal wees nie.”

„Die eiland gladnie,” sê Cesar; „maar om die ruiters, wat dit bewoon, in ons leër, en die riviere, wat daarom

loop, in ons besit te hê: dit sou 'n onbetaalbare aanwinst wees. Maar vir vandag is dit nou genoeg."

„Ek verlaat u," sê Sulpicius: „vernaamlik omdat ek die gesig van Agenor sien, wat lyk, of dit van verlange brand om met u te praat."

Die persoon, waar hy van praat, was 'n Griek. Sy antieke, welbesnede gelaatstrekke sou 'n goeie model vir 'n beeldhouer gewees het, maar sy liggrys oë het 'n uitdrukking van lae onderdanigheid en listige bedrog gehad, wat nie geskik was om 'n oplettende gelaatskenner in te neem nie. Hy het werklik sy kop deur die gordyne gestee, maar toe hy die strenge blik van Sulpicius ontmoet, dit ewe snel weer teruggetrek.

Die edele Patrisiër het egter verstaan, dat hy nou te veel was en hy het die veldheer vaarwel gesê.

„U moenie vergeet nie," roep hy hom agterna: „môre in die voormiddag! en die kohorte van Piso moet die eerste aanval, om die dood van hulle aanvoerder en hulle skande van gister te wreek."

„Kom binne, Agenor!" vervolg Cesar, nadat hy 'n oomblik geswyg het.

Die Griek staan in die nederigste houding voor hom.

„Wat het jy te sê?" vra die veldheer spottend; „het jy 'n nuwe plan vir môre se aanval? of het jy berig van die volkstamme aan die ander kant van die Ryn! Dit moet iets baie gewigtigs wees, wat jy na so 'n vermoeiende dag, as die wat ons vandag gehad het, en op die aand voor 'n veldslag vir my bring."

„Nie so nie, edelmoedige Cesar! maar ek het vandag die gevangene besoek, wat ons eergister by die geveg met die Usipete geneem het."

„Ek weet... 'n klomp vroue en kinders... wat hulle agter laat bly het om Piso en sy ruiters beter te omsingel... maar wat het jy daarmee te doen?"

„Net dit. U het aan Publius Afrikanus las gegee om hulle môre na die land van die Kondruse terug te stuur:

en hulle moet môre vertrek; maar sou u nie verlang om hulle eers nog te sien nie?"

„Wat meen jy?"

„Daar is een van hulle, wat, as sy 'n bietjie behoorlik opgeknep en aangekleed word....."

„Dit kon ek dink!" sê Cesar met 'n lag: „die oomblik is seker goed gekies, om my met mooi meisies te kom lastig val."

„Ek sou ook nie somar by elke veldheer die vryheid durf gebruik nie; nie iedereen is in staat om soos Cesar tegelykertyd te oorpeins hoe hy oor 'n vyandelike leër en oor 'n jong nôi sal kan seëvier nie."

Daar is baie maal al opgemerk, dat selfs die voortreflikste mense nog meer deur vleiery as deur die lof gestreel word. Dit het ook nou weer by die voorbeeld van Cesar uitgekóm. „Nou ja," het hy gesê: „ek wil jou Germaanse skone sien."

„Sal ek haar hier laat bring?" vra die Griek haastig, met 'n blik, wat sy tevredenheid uitgedruk het.

„Nee!—dit nie!—Hulle sê, dat die Germaanse vroue sedig en weerspanning is: ek wil hier geen verstoring hê nie. Bring haar in die tent van Ocellus: ek sal haar daar gaan besoek."

'n Half uur later was Cesar, baie pragtig aangetrek, die arms en die vingers met die pragtigste pèrels 'en edelgesteentes bedek, op die bestemde plek. Die prag moes nou nie juis dien om die oë van die skone, wat hy wou besoek, te verblind nie, maar om aan die ydelheid, wat die groot man ingebore was, te voldoen. Aan die ingang van die tent het hy vir Agenor gekry, wat hom 'n onmiskenbare teken gegee het, dat die skone reeds daar binnekant was.

„Sy het my sonder om te aarsel gevolg," sê hy suuttjies; „ek glo nie dat die weerstand so groot sal wees, as u gevrees het nie."

Dit was 'n ronde tent, waarvan die mure met skitterende karmosyn behang was. Daar was 'n rondlopende rusbank van donsige kussings voorsien. Sierlike reukvase, op kunstig gewerkte drievoete geplaas, laat die lieflikste geure opstyg, en 'n albaster lamp, wat van die koepel afhang gee 'n sagte en gelyke skynsel na alkante toe. In die middel staan 'n jong vrou in die kalme en onverskillige houding van iemand, wat ramp op ramp getref het, en wat met geen hoop op aarde meer vir haarself, op al wat verder nog moet kom, voorberei is. Haar klere, van 'n donkerblou kleur, het nog sterker die blankheid van haar vel laat uitkom, wat so deurskynend was, dat 'n mens jou verbeel dat jy die bloed daar agter sien vloei. Goudkleurige blónd hare, so glad en skitterend as Cesar ooit bewonder het, het in twee vlegsels langs die marmerableek gelaat neergehang. Maar ieder trek van die gelaat het aangetoon, hoe bekoorlik dit moes wees, as die welgevormde lippe en die sagte wange met die rooi van die vreugde besiel was. Wat die oë betref, hulle het dof en onbeweeglik neergeblik, en sy het selfs nie eers van die grond af opgekyk, toe die veldheer binnekom nie.

„Vrou!” sê hy in die Germaanse taal, wat hy gedurende die laaste veldtogte, deur sy vlugheid, 'n bietjie aangeleer het: „ek het jou van jou bande ontslaan.”

Die Germaanse vrou kyk hom net so ewe met 'n koue, onverskillige blik aan, en het terstond die oë weer neergeslaan.

„Sulke vroue, wat jonk en skoon is soos u, behoef die slawerny nie te vrees nie,” het hy vervolg, terwyl hy op die pragtige rusbank gaan sit, „maar sit hier, ek wil iets met u praat.”

„Die slavin gaan nie sit voor die aangesig van haar meester nie,” sê sy, en bly maar altyd ewe onbeweeglik.

„En dis reg ook,” sê hy, „maar dis nie om u as 'n slavin te behandel, dat ek u hier laat roep het nie: dis om aan u te sê, dat u die vrindin, die gesellin van Cesar sal wees; dat hy vir u weelde en rykdom sal skenk, en as loon vir

sy beskerming en guns: slegs 'n weinig liefde van u verwag."

Sy het hom met 'n veragterende glimlag aangekyk: „Die vroue van ons volk," sê sy, „gee hulle liefde slegs eenmaal."

„Hoe nou!" vra hy vir haar: „is u dan reeds verloof aan een van die Usipete, wat....."

„Van die Usipete!" herhaal sy, terwyl sy haar hande ophef, as of sy verwonder was: „Mog Freia ons behoed!"

„Wel!—As u dan nie verloof is nie," het hy gesê, want hy het haar ontkennde beweging verkeerd verstaan: „waarom sal u dan weier om die liefde te bekroon van iemand wat u so met sy gepele hart geneë is?"

„Ek is getroud," antwoord sy, terwyl die verontwaardiging vir 'n oomblik haar gelaat kleur en haar oë met 'n verbygaande flikkering versier.

„En het jy jou eggenoot lief gehad?" vra hy, terwyl hy opstaan en haar by die hand vat.

„Of ek hom lief gehad het?" roep sy met 'n harde stem, en sy trek haar hand verskrik terug: „ag! ek sou my lewe gewillig wil afgee, as ek maar net kon uitvind, of hy veilig is."

„Vergeef my," sê hy, „ek wou u geen angs aanja nie. As u eggenoot nog lewe en 'n losprys vir u bied, sal u aan hom teruggee word: so nie—dan sal ek probeer om u lot so draaglik te maak, as in my vermoë is, en u droefheid eerbiedig."

„U bedrieg my nie?...u sou my aan my eggenoot teruggee?".....roep die Germaanse vrou in bly verwagting uit.

„Cesar het nog nooit iemand bedrieg nie," sê die Romein, en hy gee haar die hand, wat sy in verrukking soen.

Op dieselfde oomblik het daar 'n ongewone lawaai buite by die ingang ontstaan; en na 'n kort, maar driftige woordewisseling het Agenor, as of hy na binnekant toe

soos 'n pyl geskiet word, voor Cesar se voete geval. 'n Germaan volg hom, met oë, wat fonkel van woede.

„Wat beteken dit?” vra Cesar, terwyl hy agteruit trap en een van die vergulde drievoete aangryp om hom teen die aanval, wat hy verwag, te verdedig. Maar dit het nie tot 'n geveg gekom nie. Die jong vrou het haar omgedraai, en met die uitgesilde kreet van „Alwart!” het sy in die arms van die Batavier geval. Maar daar het ook enige slawe bygekome, wat hulle swaarde bo die paar verhef het.

„Laat staan!” sê Cesar:—, „laat hulle my verklaar wat hierdie toneel beteken.”

„Dis nie my skuld nie, magtige Cesar!” sê Agenor, terwyl hy voor sy voete kruip: „hierdie wilde Germaan wou met geweld die tent binnedring; en toe ek hom terug hou, het hy my in die bors gegryp en weggestamp.”

„Maar het die Usipeet dan uit die lug geval?” vra Cesar, terwyl hy een stap vorentoe kom.

Die veldheer en die Germaan kyk mekaar aan en bly altwee verbaas staan. Cesar het Alwart, die Batavier, en hy het sy geleider van die môre herken.

„U het my dan bedrieg,” sê Cesar, na een rukkie, vir Alwart: „U is dan tog werklik 'n Usipeet?”

„Hy!” roep Alwart se vrou uit: „hy is 'n Batavier, en daar leef nie 'n edeler een as hy aan die Maas se kant nie.”

„Maar hoe kan dit dan moontlik wees,” vervolg Cesar, terwyl hy hom na haar toe draai, „dat ons u in die leër van die Usipete kry?”

„Die Usipete het ons in gevangenskap weggevoer, en het met hulle vragwaens in u hande geval.”

„En jy?” sê Cesar vir Alwart: „hoe kom dit dat jy geweet het, dat jou vrou in hierdie tent was?”

„Ek was vanaand juis voor die tent, waar u my laat inbring het, toe ek die knaap daar sien verbygaan, wat ek van môre uit die rivier gered het. Dit het gelyk of hy my wou ontwyk; maar ek het hom geken; hy is 'n



Galliese koopman, en sy naam is Erix. Ek het hom agternagesit, maar ek het in die doolhof van tente ver dwaal geraak, en toe ek nou hierlangs kom, hoor ek die stem van my vrou. Daardie rooirok wou my belet om in te gaan, maar ek het hom gegooi dat hy so rol. Waar sal ek nou vir Cesar kan kry? Ek het niks meer in my besit nie; maar my vrinde sal graag gee van wat hulle het om 'n losprys bymekaar te maak."

„Dit sal nie nodig wees nie,” antwoord Cesar: „jou vrou is ook sonder losprys vry. Jy kan haar met jou saamneem; en neem tegelykertyd die versekering mee. dat môre die smaad, wat die Usipete julle aangedoen het, deur Cesar gewreek sal word."

„Is dit moontlik? . . . my vrou vry!" roep Alwart amper buiten homself, van dankbare verrukking: „en wie is u dan, wat my daarvan die versekering gee? o! sê vir my wat u naam is: dan kan ek dit eenmaal aan my kinders leer."

„My naam?—Die het jy reeds genoem: ek is self die Cesar, wat jy na vra."

Toe werp Alwart hom voor hom op die knieë. Die veldheer het na die bekoorlike vrou toe gegaan, wat baie bly en tog 'n bietjie skaam en verleë voor hom gestaan het, en vat haar aan die hand.

„Vaarwel!" sê hy: „en as u later miskien nog 'n slag aan Cesar sou dink, dan sal dit, hoop ek, met welgevalle wees."

Die bleek wange van die skone vrou het rooi geword; sy glimlag en huil tegelyk en slaan haar oë neer.

„Cesar!" roep Alwart, en hy spring op: „ek verlaat u! maar by Wodan!—Eer dit weer aand is, sal u van Alwart hoor."

Met hierdie woorde, slaan hy sy arm om sy vrou en snel die tent uit. Hy kry sy perd, en, sonder om hom nog langer op te hou, gaan hy met haar op pad na die eiland van die Bataviere toe.

## IV.

Vreeslik en onverwags was op die volgende dag die aanval van die Romeinse leërbendes op die laer van die Usipete, wat gedink het dat hulle vyand nog te vermoed sou wees van sy oorhaaste trek en afgeskrik deur die verlies, wat hulle hom toegebring het. Maar hoe onverwags dit ook vir die Germane was, hulle het nie geskrik nie. Die aanval was fel, maar die verdediging was taai. Die Usipete was baie en die gewoonte om op grond, soos hierdie, te veg, en veral die voortreflikheid van hulle ruitery het hulle 'n goeie kans gegee, want krygskuns en orde het hulle nie geken nie en dit was weer hoedanighede, waarin die Romeinse leër uitblink het. Die kans het lank onseker gebly, totdat die regtervleuel van die Usipete teen sonder onverwags sien dat hulle van die sykant af deur 'n vars ruiterbende aangeval word. Hierdie bende, wat uit die eiland van die Bataviere aanruk, met die onverwinlike Warman en die van wraaksug skuimende Alwart aan die hoof, het die reeds vermoeide strydery met onweerstaanbare krag aangeval, en alles wat hulle teenkom doodgeslaan of op die vlug geja. Van daardie oomblik af was die slag in die voordeel van die Romeine beslis; dit was nie meer 'n stryd nie: dit was 'n bloedige moord: en van die duisende en tienduisende, wat oor die Ryn getrek het om buit en roof te versamel, het daar skaars een uitgekóm om aan die Germane die berig te bring van daardie vreeslike nederlaag.

'n Paar dae daarna was die Bataviere opnuut in die heilige bos vergader, waar Alwart hulle gekry het, toe hy met sy vrou uit Cesar se laer terug gekóm het. Hy het hulle daar bymekaar gekry, deur die woorde van Gauna reeds oorgehaal om vir die Romeine hulp aan te bied. Die waarsegster het weer op haar wa gesit, en

die priesters het op die altare die gawe laat rook, wat hulle aan die Gode van Germanië gewy het. Aan die een kant het Warman, die grys Erner en die orige krygshoofde van die Bataviere gesit; aan die ander kant het 'n talryke ruiterbende bymekaar gestaan, waaroor die bevel aan Alwart en ander, wat net soos hy in die laaste geveg uitgeblik het, toevertrou was. Meer na agtertoe het die vroue en moeders van die krygshaftige jongelinge gestaan, en hulle het gekom om hulle 'n laaste vaarwel toe te roep:—want die verbond met die Romeine was gesluit; en een van die voorwaardes daarvan was, dat die Bataviere hulle bondgenote met hulptroepe sou bystaan.

Die voortekene was gunstig, en die oomblik, waarop die dapper bende die ouderlike grond sou verlaat, het nou gekom. Nou staan Warman op en vermaan hulle om hulle só te gedrà, dat hulle, in die nuwe loopbaan, wat nou voor hulle lê, die Bataafse naam sal ophou. Daar volg 'n algemene toejuiging op sy woorde; alleen die ou Erner skud sy hoof bedenklik.

„Mog die Alvader gee,” sê hy, „dat ons in hulle, wat ons nou as ons bondgenote beskou, nie eenkeer ons meesters sal moet eer nie.”

„Dit sal nooit gebeur nie,” roep Gauna uit, terwyl sy in haar wa opstaan: „Hoor nou, Bataviere! wat die Gode deur my mond aan julle te sê het. Die bendes, wat nou en in volgende jare die Romein met die krag van hulle arm sal sterk, mag hom in skyn dien, soos die troue hond sy meester dien; in waarheid sal die seuns van die Suide hulle deur hulle invloed laat bestuur: en die tyd sal eenmaal kom, wanneer die opperheerskappy van die wêreld 'n deel sal word van hulle, wat die kinders van die eiland met hulle guns en beskerming verwerdig.

Meer het sy nie gesê nie, maar 'n luid gejuig het haar woorde begroet; en die gewapende bende het op 'n teken van Alwart langsaam verby getrek, en die pad geneem na die plek toe, waar die Romeinse veldheer op hulle koms gewag het.

## V.

Lang jare nadat hierdie gebeurtenisse voorgeval het, gaan daar 'n hoofman van die keiserlike lyfwag in een van die kantiene in, wat aan die oewer van die Tiber, in die voorstad van Rome gestaan het. Sy uiterlik het gewys dat hy 'n krygsman was, wat baie veldtogte meegemaak en aan baie krygsgevaare ontsnap het. Sy gelaatstrekke was deur die invloed van die lug verskroei, en sy gesig en hals het breë littekens gehad. Met 'n stuurs gelaat en sonder om iemand van die aanwesiges te groet, het hy gaan sit en 'n beker ligte wyn bestel.

„Ek is klaar om u te dien, allervoortreflikste Hopman!” sê die kantienhouer, 'n bejaarde, listige Griek, terwyl hy sy rug, wat reeds deur gewoonte en ouderdom gekrom was, 'n nog dieper buiging laat maak: „maar dis nie gemene ligte wyn, wat ek aan 'n hoofman van die allermuntendste keiserlike lyfwag durf voorsit nie. Doen my nou die genoeg en proe 'n bietjie van my ou Falernum wyn.

„Skink jou Falernum vir die wat dit kan betaal,” sê die Hopman op 'n verdrietige toon: „'n mens kan nie met die ellendige betaling van 'n lyfwag die wyn drink, wat op die tafels van die rykes fonkel nie.

„Dis waar,” sê die Griek, en hy skud sy kop; „hulle het julle, Pretoriane, nie na verdienste beloon nie; maar u was tog dikwels genoeg by plundertogte aanwesig, om iets vir die ou dag opgespaar te hê.”

„Opspaar!” herhaal 'n ou, maar nog lewendige kêreltjie wat in 'n hoek van die vertrek sit en drink. Te oordeel na die patrone en monsters, wat voor hom uitgesprei lê, het dit gelyk of hy 'n koopman in negosieware was: „Opspaar! daar weet die Bataafse kohorte maar min van! Wat hulle vandag verdien, verloor hulle môre weer met die dobbel.”

„En as dit nog maar net die geld was, wat ons ontbreek,” sê die lyfwag, sonder om hom aan daardie aanmerking te steur: „jy sou jou nog kan troos met die denkbild, dat Janus se tempel nie altyd gesluit sal bly nie; maar nee!—ook die eer, wat ons toekom, wil hulle ons nie gun nie.”

„Dis maar 'al' te waar,” sê die kantienhouer met 'n sug: „ondank is die wêreld se loon. Ek kon ook maar min dink, dat nadat ek so baie jare die vertroude vriend van die groot Caius Cesar was, en hom so baie diênste bewys het, dat ek op my ou dag skaars genoeg sou oorbê om 'n kantien op te sit.”

„Was jy 'n vriend van Cesar?” vra die lyfwag met belangstelling; „en watter diênste het jy hom bewys?”

Hier gaan die koopman aan lag, en kyk die twee wat praat spotagtig aan: „Jy behoort dit te weet,” sê hy vir die krygsman: „want as my oë my nie bedrieg nie, is julle twee mos bekendes van jare geleë, en ons goeie kantienhouer Agenor het nog eenmaal van jou 'n goeie opstopper gekry vir een van die diênste, wat hy vir die plesier van Caius Cesar waargeneem het.”

„Wat!” roep die kantienhouer uit, wat werklik niemand anders was nie, as die gemene slaaf, oor wie ons dit vroeër gehad het: „het ek werklik die geluk, om my woning vereer te sien deur die teenwoordigheid van die dapper Alwart, die beroemde Hoofman van die Bataviere? Werklik! dan moet ons vandag fees hou.”

Alwart (want dit was hy) het hom omgedraai, sonder om op die buiging van die Griek ag te slaan, en het die koopman aangespreek:—„En jy,” het hy gevra, „jy, wat ons altye ken, wie is jy? jou trekke lyk my nie onbekend nie; maar ek onthou nie, waar en wanneer ek jou gesien het nie.”

„Ek verstaan, dapper Alwart,” antwoord die koopman, „dat my naam uit jou geheue uitgewis is; maar die tyd is nie in staat om Erix van Bibrakte die gelaat te laat vergeet van hom, wat eenmaal sy lewe gered het nie.”

„Erix van Bibrakte!” het Alwart verbaas herhaal:....  
 „regtig! nou ken ek jou weer. Wel, man! ek is bly om jou te sien; ek het baie maal gewens om jou te ontmoet om van jou die oplossing te verneem van sake, wat vir my altyd maar duister en onbegryplik gelyk het.”

„Ek kan dink, wat jy bedoel,” sê Erix: „en nou dat alles so lank geleë is, sien ek nie swarigheid, om jou die oplossing te gee nie. Jy wil seker graag verneem, hoe die verbond tussen Cesar en die Bataviere nou eintlik bewerk geword het.”

„Ja, dit is die ding,” antwoord Alwart: „ek het altyd gemeen, dat jy daar jou part in gespeel het, en ek sou daar een eed voor sweer, dat jy daardie saak tussen hom en Gauna in orde gemaak het.”

„Jy oordeel reg,” sê die Galliër; „deur my bekendheid met verskeie mense van invloed in Gallië en Germanië, kon ek Cesar baie keer van diens wees. Onder die voorwensel van handel te drywe, het ek vir hom berigte kon inwin of boodskappe oorbring. So het hy my ook onder andere in die geheim na Gauna toe gestuur, want hy het geweet watter invloed sy oor haar landgenote gehad het, om haar oor te haal om in sy belang werksaam te wees. Hierdie taak was nog makliker vir my, omdat ek lankal die vertrouwe van die waarsegster geniet het. Ek het haar daarvoor klaar gevind; want Cesar se voorstel het juis te pas gekom. Sy en jou landgenoot Warman het ’n plan gehad. Hulle het naamlik altwee verstaan, dat die bevolking van die eiland te groot geword het in vergelyking met die opbrengste daarvan, en hulle het al lank na ’n geleentheid gesoek om die getal van die inwoners te laat verminder deur ’n gedeelte van die jongelingskap na die buiteland toe te stuur. Hulle het dus besluit om dit so te bewerk, dat hulle Cesar met hulp troepe sou help, maar dan moes hy hom verbind om die Bataviere nie as ’n belastingskuldige volk, maar as bondgenote te behandel. Die inval van die Usipete, en jōu koms op die volksvergadering het hulle doel in die hand gewerk.”

„Goed!” sê Alwart, „maar waarom het Gauna my dan gestuur om Cesar te ontmoet?”

„Om ’n baie eenvoudige rede. Sy wou op die vergadering profeteer dat die Romeinse leër aankom asof dié Gode dit vir haar verkondig het; maar sy het gereken dat jy my herken het en sy het dus rede gehad om te vrees, dat jy haar goddelike ingewing op ’n baie menslike manier sou verklaar en haar roem as ’n waarsegster by die volk sou bederwe. Daarom het sy jou uit die pad uit gestuur; maar Cesar was tevore van jou koms verwittig, en die goeie behandeling, wat hy jou gegee het, het gedien om jou, en deur jou die Bataviere, in sy belang te win.”


„Ek sien dus,” het Alwart opgemerk, „dat my landgenote en ek die speelbal van ’n reisende koopman en ’n slim wyf gewees het.”

„Dis regtig waar wat jy sê:—maar jy moet jou dit nie laat hinder nie. Oor die algemeen sien die mense maar net die bokant van die dinge; maar as ’n mens al die klein verborge roerseltjies sou ken, wat die meeste gebeurtenisse bestuur, dan sou ons soontoe kom om al die geskiedboeke in die vuur te gooi, en die geskiedenis van nuuts af te skrywe.

„En dit sou tog jammer wees,” sê Alwart, nadat hy hom ’n rukkie bedink het, „want alles goed beskou, is dit beter as ’n mens party dinge nie weet nie.”

JAKOB VAN LENNEP.

Daar kom ’n tyd vir jou, vir my,  
Vir iedereen op aarde,  
Dat ons moet los al wat vandag  
Ons skyn of bad dit waarde.  
Heg daarom nie aan aardse goed  
Jou hart—dit lei tot sonde;  
Hoe meer besit, hoe eerder gaan  
Jou sielerust te gronde.



## SĒESTROME.

Toe ons dit in 'n vorige les oor die wind gehad het, het ons gesien, dat mens die oorsaak soek in die verskillende digtheid van die lug. Wat van wind wáar is, geld ook vir water. In die see is daar ook beweging van die een plek na die ander toe; dit veroorsaak strome of strominge.

Neem 'n glas water, waarin 'n weinig saagsel gegooi is en laat dit kook. dan sal julle sien, dat die saagsel-deeltjies langs die kant van die glas na boontoe gaan en in die middel weer na benede. Die warmte van die vuur laat dus die water in beweging kom. In die groot see gebeur iets dergeliks. Van die polé na die ewenaar loop koue strome, en van die ewenaar na die pole vloei weer warm water terug.

Dit is in ál die groot seë só; as julle die eerste kaarte van julle atlas opletting bekyk, sal julle hulle ook afgeteken sien. Een van die vernaamste strome is die Golfstroom. Daarvoor wil ons 'n bietjie handel.



Langs die weskus van Afrika loop 'n koue stroom na die noorde toe. Kinders, wat met Krismis na die Kaap toe gaan, het seker al gehoor, dat die water van Tafelbaai glad nie so warm is as die van Vals Baai nie. Tafelbaai lê in die koue stroom en Vals Baai word gevul deur die warm Agulhas-stroom. Die koue stroom loop na die weste toe as hy by die ewenaar kom. Dit kom deur die draai van die aarde van Wes na Oos toe. Die seabodem skuif as 't ware, onder die water deur. Op die tog na die weste toe verwarm die son die water in hoë mate, en as die stroom by die noordooste punt van Brasilië kom, splits hy hom in twee: een tak gaan weer langs die ooskus van Suid-Amerika na die suide toe en die ander loop in die golf van Meksiko.

Die golf is net soos 'n ketel: aan die weskus is hy geheel en al ingesluit deur die vasteland en aan die ooskus word die water grotendeels deur die eilande gekeer. Dan loop daar nog baie groot riviere in uit en julle kan dus verstaan, dat die ketel vol word. Ook is dit daar in die tropiese streke baie warm, en die water word dus ook goed warm. Waar moet die water nou heen? Dit pers met geweld deur die straat tussen Florida en Cuba, en stroom dan na die noordooste toe, met 'n snelheid van omtrent drie myl in die uur.

Dwars oor die oseaan gaan hy, tot hy in Noord-Europa langsamerhand sy warmte verlies. Aan daardie stroom is dit toe te skrywe, dat Engeland en Holland bewoonbaar is. Kyk nou 'n bietjie op julle atlasse. Hierdie genoemde lande lê op dieselfde breedte as Labrador en behoort dus net so warm te wees. En tog is daar 'n verbasende verskil. Engeland en Holland word deur miljoene mense bewoon, terwyl Labrador byna altyd onder sneeu en ys lê, en maar 'n baie klein bevolking kan onderhou.

Natuurlik maak die water alleen nie daardie lande bewoonbaar nie. Maar uit die warm stroom styg reën.

wolke op; wat oor Engeland en Holland gedryf word en hulle daar ontlas. En reën bring warmte, dit weet ons almal. As dit in ons winter begin warm word, weet ons, dat daar reën in aantog is. Langs Labrador loop ook nog 'n yskoue stroom, reguit van die pool af, vol ysberge, wat almal meehelp om die klimaat vinnig koud te maak.

In die Groot Stil Suidsee loop ook 'n warm stroom van Japan na die weskus van Kanada. Hulle noem hom die Swartstroom of Kúro Siwo, en hy het dieselfde uitwerking op die weskus van Kanada, as die Golfstroom op die van Europa.

'n Ander seestroming word getye genoem. Soos ons weet, loop die maan om die aarde en wat julle miskien nie weet nie, dat hy die water van die see optrek en 'n golf maak. Daardie golf loop altyd agter die maan aan. As die maan oor 'n seker plek in die see gegaan het, kan mens drie uur later die vloedgolf verwag.

Maar met die water trek die maan ook die aarde self aan, en dus is daar aan die agterkant van die aarde, van die maan af gereken, ook 'n vloedgolf, wat omtrent 11 uur agter die ander aankom.

So het ons dan elke 6 uur hoogwater en dan weer laagwater. Kinders, wát aan die strand gewees het, het dit seker gesien. Soms is die see, soos hulle dit noem, vol; en op ander tye is hy weer leeg. Die vloedgolf loop net so gereeld as die maan en in die almanak kan mens al maande vantevore lees, wanneer dit hoogwater sal wees.

In sommige golwe en riviermonde is die vloed besonder sterk. In Fundybaai, in Noord-Amerika, word hy tot 30 voet hoog. In die groot riviere van Sjiena kom hy so gou as 'n perd uit die see op; en as die vissers nie mooi oppas nie, gooi hy netjies hulle skuite om.

In die wye seë, soos die Groot Stil Suidsee, is hy gereeld elke 12 uur: die mense het byna nie horlosies nodig nie. In ander seë is hy nie so gereeld nie. Aan

ons strande kom hy elke elf uur en in die binneseë, soos die Middellandse See, merk mens van hom heeltemaal niks.

As die son nou in 'n regte lyn met die maan staan, is daar 'n dubbele krag aan die werk, en word dit besonder hoog. Hulle noem dit 'n springvloed, of springgety. Maar is hulle op teenoorgestelde kante van die aarde, dan werk hulle mekaar 'n bietjie teë en het ons 'n dooi gety.

Deur die seestrominge bly die water van die see altyd in beweging. Dit is ook baie nodig, want water, wat stil staan, sou gou bederf. En as die see sou bederf, sou die mense ook nie lank meer kan lewe nie. Dus sien ons, dat die Skepper ook hierdie saak met wysheid ingerig het.

*(Uit De Buitenschool.)*

Ek het al baie die goggas en diertjies opgelet,  
 Wat rondom woel en fladder—en kry net maar een wet,  
 Wat pas vir almal, lyk dit, en sonder onderskeid:  
 Hul werk met lus en yver, en doen hul besigheid:  
 Maar kom hul tyd, dan somar lê hul hul pakkie af,  
 En sonder murmurering soek iedereen sy graf.

## SINT KRISTOFORUS.

„Alreeds te lank,” sê Oforus, „het ek my dae in ledigheid verspil. My jare gaan sonder daade verby. Ek het nog nie één roemryke daad verrig nie.”

En sy perd word opgesaal. Hy wil die land deur trek. Hy soek die sterkste. Die sal hy dien, dien sonder betaling. Nêr eer sal sy loon wees. Hy kan nie rus nie, hy ry verder en verder. Die aande daal, die oggende kom, die sterkste kan hy nie vind nie.

„Pluto is sterk,” sê ’n vrek vir hom; en Oforus vind ’n kluisenaar, wat sterker was; hy het al wat hy gehad het, vir die armes gegee.

„Dionisos is sterk,” roep ’n dronkaard, en Oforus vind ’n wys man, wat sterker was, hy het hom uit die mag van die bedwelmings vry gestel.

„Dionisos is sterk,” grys ’n wraaksugtige hom teen, en Oforus vind ’n vrome, wat sterker gewees het; alle wortel van bitterheid het hy uit sy siel geruk.

Hy kan nie rus nie, hy ry maar al verder. Die aande daal, die oggende kom, en die sterkste vind hy nie.

’n Getrippel van perde weerklink in die verte. Daar skitter lansen in die lig van die son. Vaandels wapper. Triomfliedere vervul die lug met bly gejubel. „Heil die held, wat oorwin het; strooi palme vir die oorwinnaar, vir hom, wat die hele aarde bedwing het,” klink dit van duisende lippe. En Oforus sien die Keiser op sy triomfkar. Koninge in kettings is sy buit, uitgelese kosbaarhede sy roof.

„Hy, wat oor vorste gebied, moet tog seker die sterkste wees,” dink Oforus. „Hy sal my meester wees.” En hy dien die keiser sonder betaling.

Dié fees van die oorwinning word luisterryk gevier. In die paleis van die keiser het al wát hoog is van naam of magtig deur rykdom, wat skitter deur gawe van hoof en van hart, saamgekom. Die salé is prächtig verlig. Fonteine van heerlike Karraris marmer straal verfrissing uit. Blommeweelde geur deur die ruimte. Vurige wyn pèrel in kristalbekers. Dit skyn of die vreugde al die harte beheers. Dog spoedig het die feesmaal 'n drinkery geword, die gaste swelg in onmatige genot. Dionisos, die uitsinnige god van die wyn, heers nog maar net alleen. En hy, wat oor vorste gebied, word 'n slaaf van die bedwelming.

„Hy, wat homself beheers,” fluister 'n wysgeer, „is sterker, as hy wat die halwe wêreld oorwin.” Oforus hoor dit, en hy sê: „Ek sal u dien, wat magtiger is dan die magtige.” En hy dien die wyse man, wat homself kan bedwing, wat sterker was as sy vreugde en sterker as sy smart.

Die pes word vreeslik. Ryk en arm, oud en jonk, wys en dwaas word afgemaai. Geen gesin, waar daar nie dode betreur word nie. Ontsetting gryp selfs die moedigste aan. Die wysgeer sidder ook, as die dood van sy vriende nou die een, dan die ander wegneem.

„Die wat vrees, is nie die sterkste nie,” dink Oforus, „en die sterkste wil ek dien.” En hy dien die Koning van die Verskrikking, wat mag oor alle mense het. En oral waar die kryg woed, daar flikker sy staal. En die mense prys hom, wat honderde met sy rustelose swaard doodmaak.

Die nag is guur. Die reën plas neer. Oforus dwaal deur die woud. Waar sal hy skuil? 'n Flou skynsel breek deur die blare. Hy volg die dowwe straaltjie, en hy staan voor 'n skamele hutjie.

'n Uitgeteerde vrou lê op haar bed. Hoe marmerbleek is tog haar gelaat! 'n Huilende kinderskaar staan om die bed. Dis stil, doodstil in die woning waar die smart

heers. Net so nou en dan word die pynlike swye deur die snik van die kleintjies verbreek. Plotseling kom die sterwende orend. 'n Hemelse glans straal uit haar brekende oë. „O dood, waar is jou prikkel; o graf, waar is jou oorwinning?” fluister sy saggies. En haar gees sweef omhoog na Hom toe, wat die dood oorwin het.

Peinsend trek Oforus verder. „Wie is dan die sterke, sterker as hy, vir wie hul almal buig? Hom wil ek dien, dien sonder betaling.”

„Wie mag tog daardie sterkste wees?” Hy vra dit vir elkeen, wat hy sien. En wyse mense skud met medelyde hulle hoof. „'n Onnosele, wat sulke dwaashede vra,” antwoord verstandig hulle glimlag.

Die aande daal, die oggende kom, dog die sterkste vind hy nie. En hy trek na die eensaamheid van die woestyn. Ontslaglik is die stem in sy binneste. Hy begin te bewe. Geheimsinnig nader hy 'n gestalte wat nog geheimsinniger is. „Die koninkryke van die aarde is myne, en ek gee hulle vir wie ek wil. Soek jý die sterkste, volg dan vir my,” klink dit in Oforus se ore. En hy volg die magtige Verderwer, wat lig in duisternis verander, liefde in haat; die bloeiende tuine in valleie van dood, en die onskuld in boosheid verstik; wat sekels tot swaarde maak, en in die hart van die, wat hoop, vertwyfeling saai.

Hulle pad loop langs 'n kerkhof. Hoog opgerig staan die Kruis, die simbool van die Goddelike mag. En die Bose sidder, as hy die teken van die nederlaag, wat hy gely het, daar aanskou. „Jy is ook nie die sterkste nie,” sê Oforus, en hy gaan alleen verder.

Die aande daal, die oggende kom; sal hy hom, wat hy soek, dan nooit vind nie?

Daar staan hy voor 'n breë stroom. „Jesus Kristus het oorwin! vleg palme vir die oorwinnaar, wat die dood nie kon hou nie,” so klink 'n silwerreine kinderstem.

„Waar is die sterkste?” vra Oforus vir haar. Skaam lag die kind, en bevrees vir die vreemde man, hardloop sy weg. Aan die hand van 'n grysaard kom sy weer terug na die plaas, waar Oforus haar gekry het.

„Wie soek jy?” vra die grysaard vir hom. „Hom, wat magtiger is as die magtige,” antwoord die man wat al so baie rond geswerf het, „ken jy sy naam?”

En die grysaard verkondig hom die Verhoogde, aan wie al die mag in die hemel en op die aarde gegee is.

„Ek wil sy dienskneg wees,” roep Oforus. „Wat eis Hy dan van my?”

„Wees terwille van Hom die dienaar van alle mense. Trag nie na die hoë dinge nie, maar voeg jou by die nederiges. Doen wat jou hand vind om te doen, en doen dit met alle mag.” „Sien jy,” vervolg die grysaard, „die stroom is breed. Daar is klippe wat dit moeilik maak om oor die rivier te gaan. Alleen die wat sterk is, kan die rivier oorkom. Leen jy nou jou skouer aan die, wat swakker is as jy.”

Aan die kant van die water bou Oforus nou 'n hut. Elke dag dra hy almal wat sy hulp begeer, deur die diepte deur, en hy is altyd welgemoed.

Die somer gaan verby. Die herfs kom, en met hom die guur dae en nagte van storm. Oforus slaap die slaap van die geruste. Buitekant huil die wind en plas die reën. Meteens skrik hy wakker. Was daar nie een wat na hom roep nie? Hy luister. Weer hoor hy die stem. Hy staan op, klee hom aan en verlaat sy hut. By die lig van die maan word hy 'n jongetjie gewaar, wat om hulp vra. Hy aarsel nie 'n oomblik nie, maar loop deur die vloed. Bewend van die kou vind hy die kind. Oforus vat die kind en loop opnuut met hom deur die stroom. En die reën kom nog harder af, en die storm huil nog angstiger, en die water kom al hoër en hoër, en die kind word altyd swaarder. Oforus sien 'n sekere dood voor hom. Sy skouers buig, sy knieë knik. Hy kan

nie verder nie. „Wat is jy onbegryplik swaar, my seuntjie,” roep hy eindelijk, „die wêreld sou nie swaarder kan weë nie.”

’n Hemelse laggie plooi die lippe van die kind. En uit sy oë blink ’n glans, so teder, dat Oforus al sy moegheid vergeet. ’n Ongekende saligheid stroom deur sy bors.

Die oewer word bereik. Die wind word stil. Die reën val nie meer nie. Die sterre blink met ’n helderder glans.

„Jou naam sal nie langer Oforus wees nie,” sê die jongetjie vir hom, „die mense sal jou Kristoforus noem, want jy het die sterkste gedra.”

Kristoforus het Hom nie meer gesien nie. Die môre van die derde dag het die mense verniet aan die oewer gestaan en roep. Kristoforus het nie gekom nie. Die nag het die engele van God sy siel na Hom toe gedra, wat Hy so lank gesoek het.

*Legenden deur P. OOSTERLEE.*

## KAFFER EN GERRIT.

Die meeu is ’n goeiehartige, beskeie dier, wat die seëman geselskap hou. Die voël is niemand tot las nie, en hy kry sy kos swaar, maar eerlik. Alhoewel hy ’n vriend van die geselligheid is, hinder hy die bure nie met sy geskreë nie, en hy vermy alle aanraking met die poliesie en die geregshof. By die baie goeie karaktertrekke, wat hy het, moet ’n mens hom dit nie al te kwalik neem, dat hy ’n bietjie baie presies is op wat hy as sy regte beskou nie. Teenoor die trekvoëls, wat die grense van sy gebied nie eerbiedig nie, stel hy hom regte onverdraagsaam en ru aan.



Maar die kraaie: . . . hulle voer heel wat erger in hulle skild! Hulle het hulle oë op niks minder as op die alleenheerskappy, en derhalwe voer hulle 'n verdelgingsoorlog teen alle sangvoëls. Wee die akker, wee die vrugteboord, wat hulle wil plunder; vir hulle vraatsug



is niks veilig nie. Sowel in die stede as in die parke maak hulle elke ordentlike gedagte glad onmoontlik deur die verskriklike lawaai van hulle vergaderings; ja, in die mooi dae van die lente verander hulle die wandelpaaië deur hulle onbeskaamde bruilofsfeeste in oorde van verskrikking.

Gedurende twee jaar was daar by ons 'n sogenaamde kerkkou as huisdier; en ons het op die manier baie geleentheid gehad om die soort van voëls van naby te besped, in al wat hulle doen en nie doen nie.

Al moes Gerrit die ouderlike sorg en verpleging mis, hy het darem wonderlik goed geweet hoe om hom te behelp met die kos, wat *ons* vir hom gegee het. Hy het teen al die verdrukking en slegte kanse in opgegroeï, en, toe hy na 'n paar maande tot volle ontwikkeling kom, het hy in die klein tuintjie, waar hy vir homself 'n konyntjie se ou hok vir hoofkwartier en slaapplek gekies het, as 'n despoot geregeer. Daar was baie jong mossies, wat te vroeg uit die nes uitgevlie het, en vir hulle oormoed met die wreedste dood betaal het. Die katte wat orals rondsluip, die eintlike skrik van die gevederde wêreld, het die jong kraai nie slegs ongemoeïd laat bly nie, maar tot ons grootste dankbaarheid het hulle ons tuintjie begin te vermy. Met die kinders was Gerrit gou-gou die beste vrinde. Hy het goed geweet hoe om hom teen hulle te verweer; terwyl hulle, van hulle kant ook goed geweet het, om hom op 'n afdoende manier te genees van sy lastige gewoonte, om hulle in die kaal bene te pik. Tussen die oudste seuntjie, wat nege jaar oud was, en Gerrit het daar selfs 'n vrindskapsband ontstaan, wat 'n mens vernamlik in 'n uitgelate bewondering en waardering vir mekaar se streke en kattedwaad kon opmerk. Willem was dan ook net die enigste, wat tot op sekere grense met hom kon lol, en 'n portret, wat ons nog het, van Willem met Gerrit op die linkerskouer kan dien as die onmiskenbare bewys van hulle goeie verstandhouding.

Met Kaffer het dit nie so goed gegaan nie, en dit was maande voordat die twee diere 'n *modus vivendi* kon vind, en 'n soort van verdrag gesluit het, waarin hulle ooreengekom het om naas en met mekaar te lewe.

Die nesvere van Gerrit het nog nie eers almal uitgeval nie, of hy het al begin om Kaffer te vervolg, en om

hom heen te draai, sonder om daarmee by die hond iets meer op te wek as 'n gevoel dat dit hom verveel. Maar so gou as die bek en kloue van Gerrit sterker geword het, het hy begin om op die oormoedigste en brutaalste manier sy uitsluitende reg op die tuin te laat geld, en hy het hom nie ontsien om 'n dosyn maal op 'n dag sy lewe vir die vermeende regte in die waagskaal te stel nie.

As Kaffer in die tuin kom, dan het Gerrit somar meteens tot die aanval oorgegaan, en dit nie van die agterkant of die sykant af nie, maar reg van voor, en het die indringer op die kop gepik maar vernaamlik op die voorpote. Eers het hy die groot sukses gehad, dat Kaffer, hoewel hy met een goeie byt sy ouer regte sou kon handhaaf, met al die tekens van ongeduld en verveling, gevlug, of in sy hok gekruip het. Solank daardie hok nog in die hande van die vyand gebly het, het Gerrit taamlik goed geweet, dat sy gesag maar baie min werd was. Ook daardie laaste skuilhoek moes betwis en geneem word.

Een aand sien ek Kaffer op 'n ongewone vroeë uur hok-toe sluip. Hy het met sy kop die stuk tapyt, wat voor die ingang was, weggestoot, en was alreeds met die halwe lyf binnekant, toe ek hom plotseling sien terugtrek, net as of iets hom gesteeë het. Ek sal nooit die blik vol walging en wanhoop vergeet nie, waarmee hy my toe aangekyk het; nog duideliker as met woorde het hy sy liced geklae: „Daar sit nou daardie bees in my hok! Baas, keer tog daardie gruwel van my af! As ek nie nog gek word nie, sal dit my dood wees!”

Ek kyk toe in die hok,—en ja; daar staan Gerrit; hy het hom vas teen die agterkant gedruk, en 'n mens kon hom in die donker amper nie gewaarword nie! Ek het 'n sakdoek om my hand gedraai, en hom, nieteenstaande sy woedende gepik, na sy eie hok laat verhuis.

Daardie selfde toneel het die volgende dae weer net so plaas gehad, en toe ek een oggend Kaffer uit Gerrit se slaapplek, die hok van die konyntjie, sien uitkruip, met die houding van 'n lafaard, wat alle gevoel van skaamte verloor het, het ek verstaan dat hy die stryd opgegee het.

Dit het darem gelyk of die konynhokkie, waarin hy hom, om te kan slaap, letterlik half moes oprol, nie na sy sin was nie. Op die aand van die vyfde dag, terwyl Gerrit op die top van die lourierboom sy aandlied uitgalm, sien ek Kaffer, wat gedink het aan „salig is die besitters,” terwyl dit nog helder daglig was, sy eie slaapplek inneem. Ons wag gespanne wat daar nou sal gebeur. Toe Gerrit sy vol gemoed uitgekras het, klim hy ewe haastig ondertoe, spring reëlreg na die hond se hok toe, stoot die tapyt eenkant toe en . . . daar spring hy op sy beurt weg! Dit was asof ek in die hok 'n onderdrukte gelag hoor,—maar dan het Kaffer te gou gelag! Gerrit gee nie somar so gou in nie, nie hy nie! Hy het net 'n oomblik gedink terwyl hy op een poot staan, en met sy nek ingetrek, sien ek hom toe ewe vasbesluit hok toe stap en daar begin hy Kaffer se voorpote en kop met verwoede bekslae aan te val. Of die hond al blaf en brom, Gerrit gee nie pad nie, en op die end gee Kaffer 'n skreeu, soos ek nog nooit van hom gehoor het nie, vlie uit die hok uit, spring deur 'n venster wat ope was, hardloop die straat af, en bly die hele nag weg. Ek was al bevrees, dat hy ons verlaat het, toe ons hom teen etenstyd huistoe sien kom. Hy het heeltemal kalm gelyk, maar daar was darem iets ernstigs in sy blik gewees. Watter gedagtes sal daar dan in die lang nagwaak in die hond se siel gekom het? Het hy miskien sy maters geraadpleeg? Wie sal dit kan se!

Terwyl ons na die ete in die tuin tee drink, het ons die twee diere oplettend bespied.

Gerrit was gladnie gerus nie, dit het gelyk of hy weet dis nie alles pluis nie, en hy het sy oë nie van sy vyand

afgehou nie. Kaffer het gladnie eers moeite gedoen om vir hom uit die pad te gaan nie, hy het rustig in die tuin rondgeloop, en ons was verbaas, dat Gerrit hom nie steur of terg nie. Dit was of altwee geweet het dat daar 'n krisis sal kom. Omtrent half nege sien ons Kaffer bedoord hok toe stap, en besit van sy slaapplek neem net of dit nou die natuurlikste ding van die wêreld was. Gerrit sien dit, en half lopende, half vlieënde, haas hy hom om te gaan aanval. Dog na die eerste pik op Kaffer se voorpoot, sien ons Gerrit al hinkende en struikelende terugspring. Die bloed loop uit sy een poot en sy vlerk; en met die verlies van die helfte van sy stert het hy hom, met 'n haas wat deur die omstandighede maklik te verstaan was, in sy eie hok gaan wegsteek.

Van die tyd af het daar tussen die twee diere 'n taamlike goeie verstandhouding geheers. Gerrit het Kaffer alleen gelaat, en dis al wat Kaffer gevra het.

Gerrit het opgegroeï tot hy 'n baie mooi kraai was, glansend blouagtig swart, en hy het toe begin die aandag trek van ander kraaie, wat tot die tedere sekse behoort het. Hulle het hom toe almelewe soggens gereeld kom besoek, en terwyl hulle op die dak of in die boom sit, het hul hom geroep om hulle in die vry lug te volg. Dit was dan 'n halwe uurtjie van lewendige geskree en klap met die vlerke.

Verder het hy in die dag in die kombuis en in die kamers rondgestap, net om te steel, en was daar lepel-tjies, kwaste, botteltjies, rolletjies gare, vingerhoede, ens. wat ons vermis, dan het ons nie lank na die dief gesoek nie. Hy het maar altyd weer nuwe bēreplekke uitgedink om die geroofde goed in weg te steek.

In die tuine en huise van die bure gaan hy ook roof, en die klagte oor sy ondeundheid het al ernstiger en menigvuldiger geword. Dit enigste ding wat ons nou waarlik op sy krediet kan skryf, was die plesier wat ons gehad het in sy grappige geaardheid, in sy grenselose brutaliteit, in sy moed, wat so buite alle eweredigheid

met sy middele vir aanval en verdediging was, en ook in die angsvallige nougesetheid, waarmee hy elke dag al die blare van ons sering- en lourierboom van onder tot bo ondersoek en van ongedierte gesuiwer het. Daar was nie 'n ruspe, wat op ons plante kon vet word nie, en kikvorse en paddas moes vir 'n besoek op onse erfle, as dit nie met hul dierbare lewe kon nie, dan tog met die verlies van minstens een poot betaal.

Toe hy drie jaar oud was, het hy 'n hebbelikheid ontwikkel, wat hom, by sy ander slegte gewoontes gevoeg, op die end onmoontlik gemaak het. Toe die dae langer word, het hy sy wakker word na die son gereël. Met sonop klim hy dan in die hoogste takkie van die lourierboom, en daar begin hy dan verskriklik te skreeu en met die vlerke te klap. Dit het seker 'n uurlank so aangegaan, en het naderhand nog gruweliker geword deur een of meer geliefde, wat op sy geroep uit die lug verskyn het. Ons kon die lawaai nie langer verdra nie, en dit was ook nie reg om ons bure al môrens so te laat hinder nie. Ons het dus sy vlerke laat groei. Daarna het hy elke dag 'n bietjie verder gevlie in die tûine van die bure, en ons het maar al meer klagte oor vuilmaak van stoepe en die steel van allerhande dinge gekry.

Op 'n sekere môre het ons niks meer van Gerrit gehoor nie. Hy het agter die geliefdes aangegaan.

W. F. MARGADANT.—'n *Honestudie*.



## DIE ROMEINE.

In die suide van Middel-Europa lê Italië met sy hoofstad Rome. Honderde jare gelede het in daardie land 'n volk gewoon met die naam van Romeine. By ons is die naam wel uit die Bybel bekend, ons het in die Nuwe Testament 'n brief, deur Paulus aan die Romeine geskryf.

Lank voor die geboorte van die Here Jesus, in die jaar 753 v. KR., is Rome al deur twee tweeling broers, Romulus en Remus, gestig. Die twee broers het 'n harde jeug gehad. Toe hulle nog suielinge was, het hulle grootvader hulle by hul moeder laat weghaal en op die kant van die rivier laat weggooi. Daar het 'n moeder wolf gekom, wat hulle aan haar laat drink het. Hulle het 'n party dae so geleef, tot mense hulle weer opgeneem het.

Toe hulle nou altwee groot was, wou hulle 'n stad bou. Hulle grawe slote vir die fundamente van die huise en vir die ringmure, en dit duur ook nie te lank nie of mens kon sien, waar die stad sou kom. Maar wie sou nou die naam gee? Hulle kom ooreen om dit aan die gode oor te laat. Toe gaan hulle altwee op 'n koppie staan om op 'n teken te wag. Daar sien die een drie aasvoëls vlie, en op dieselfde oomblik sien die ander ses. Nou sê die een, dat hy die voëls die eerste gesien het, en die tweede, dat hy die meeste voëls opgemerk het. Hierdeur ontstaan daar twis en die end van die storie was, dat die een die ander doodslaan.

Nou was Romulus die eerste koning. Hy proklameer sy stad 'n vryplaas vir almal, wat skulde het of 'n diefstal begaan het, of iets anders gedoen het wat kwaad was. Gou-gou was sy plek vol manne. Maar daar was nie vroue nie. Wat nou gedaan? 'n Man sonder vrou

beteken nie veel nie, en nie een van die omringende stamme wou hulle dogters met die Romeine laat trou nie.

Toe bedink Romulus 'n plan. Hy maak 'n groot fees en nodig al sy bure uit met hulle vroue en dogters. Daar het honderde gekom. Toe hulle druk besig was om te dans, gee Romulus aan sy manne bevel dat elkeen moes weglou met die meisie waar hy mee dans.

Natuurlik was die vaders en broers baie kwaad, maar daar was niks aan te doen nie, en eindelijk het die twee volke een geword. So langamerhand het die stad en koninkryk uitgebrei, en spoedig was Rome die vernaamste land in die hele Italië.

Sewe konings het regeer; maar die Romeine het nie van 'n koninkryk gehou nie. Toe Tarquinius Superbus, die laaste koning, dan ook 'n groot misdaad begaan het, het hulle hom met famielie en al die stad uitgeja, en twee konsuls aangestel. Die een se naam was Brutus en die ander Kollatinus.

Onder die jong mense, wat baie van die prag en praal van die koning se hof gehou het, word toe 'n plan gemaak om die afgesette koning weer terug te laat kom. Daar was twee seuns van Brutus by, en twee neefs van die ander konsul. Die plan word ontdek, en die jongelinge moes voor Brutus kom, wat hulle ter dood veroordeel en self staan en kyk, dat sy kinders onthoof word.

Toe dit nou misluk, gaan die verjaagde koning by Porsenna hulp haal. Die verskyn weldra met 'n magtige leër voor die poorte van Rome en bring die stad in groot gevaar. By 'n uitval verloor die Romeine die geveg en moes na Rome terugtrek. Nou was daar oor die Tiber 'n smal, hout brug, waaroor die vluggende Romeine teruggetrek het en as hulle nie teëghou geword het nie, was die manne van Porsenna gelyk met die Romeine in die stad.





*Verdediging van die brug oor die Tiber.*

Drie manne besluit om hulle lewe op te offer vir hulle volk. Hulle het by die begin van die brug gaan staan en daar geveg, tot die Romeine die brug afgekap het. Toe spring hulle in die Tiber en swem na die oorkant toe.

Een van die Romeine sluip in die laer van Porsenna om hom te vermoor, maar word ontdek en gevang. Porsenna was natuurlik baie boos en dreig om hom te dood. Toe sê die Romein ewe kalm: „Meneer die koning, ’n Romein is nie bang vir sy dood nie, en as ek omkom is daar honderd ander, wat ook sal probeer om jou te dood.” Daarby steek hy sy linkerhand in die vuur van ’n altaar, wat daar staan, en laat dit verbrand. „Nee,” sê Porsenna, „met sulke mense kan ek nie veg nie,” en hy draai maar gou weer na sy land toe om.


Aan die ander kant van die Middellandse See was in die dae ook ’n republiek, Kartago genoem. Dit kon

Rome nou eenmaal nie verdra nie. Rome wou die baas op die wêreld wees. Dadelik word die oorlog verklaar. Eers het die Romeine maar swaar gekry. Hulle wis niks van skepe af nie en het wel 'n vloot gebou na die model van 'n Kartaagse skip, wat aan Italië se kus gestrand het, maar hulle kon daar nog nie goed mee werk nie. Die skepe het natuurlik op die see baie heen en weer geskommel en die Romeine was daar nie aan gewoond nie. So het hulle die eerste seeslag verloor, maar by die tweede was dit anders. Toe het hulle brugge gemaak, wat hulle van die een skip op die ander kon slaan. So het hulle meer plek gehad om op hulle gewone manier te veg, en van toe af het hulle gedurig gewen.

Die Kartagers bedink toe 'n ander plan. Hulle stuur een van hulle beste generaals met troepe na Italië toe. Die man moes eers deur Spanje en Frankryk trek, en toe in die middel van die winter oor die Alpe sukkel. Maar hy het tog daar gekom; die meeste van sy olifante was dood, en heel wat van sy soldate het van koue en ongemak gesterf; maar met die orige het hy die Romeine skoot vir skoot verslaan. Tog het hy nie baie sukses gehad nie. Hy kon Rome nie inneem nie, omdat sy leër te swak was; versterkings wou hulle hom nie stuur nie, en die end was, dat hy weer teruggetrek het na Kartago toe, sonder dat hy Rome oorwin het. Toe het dit ook nie lank geduur nie of die Romeine kom oor die see en verwoes Kartago geheel en al. Die manne het hulle gedood en die vroue en kinders as slawe verkoop.

Die Romeine het nie alleen in die suide geveg nie, langsamerhand het hulle meester geword van die hele bekende wêreld. Al die lande rondom die Middellandse See het hulle onderwerp, daarby nog Frankryk, Duitsland, Engeland, Holland, Oostenryk, Griekenland, Klein Asië. Daarom vind ons nog soveel Romeinse of Latynse woorde in ons tale, Hollands en Engels.

In die dae toe die Here Jesus gebore is, was daar nie meer konsuls nie, maar keisers. Ons lees in Lukas



*Die Sirkus.*

2, „dat daar 'n gebod uitgegaan het van die keiser Augustus, dat die hele wêreld sou beskrewe word.” Van hom het ons nog die naam van die maand Augustus, en na een van sy voorgangers, Julius Caesar, noem ons ons sewende maand nog Julie.


Van die oue eenvoudigheid was toe niks meer te bespeur nie. Die onderworpe state moes swaar belastinge opbring en deur daardie geld is die mense in Rome bederwe. Die soldate het die man gedien, wat vir hulle die meeste goud gegee het, en was nie meer trou aan hulle land nie. Die volk het lui geword. Die keiser moes hulle onderhou en hulle het baie tyd bestee in die sirkus.

Dit was in daardie dae nie 'n tent nie, soos ons dit soms sien nie, maar 'n groot ronde vlakte met 'n muur daar om, waarteen die sitplase trapsgewys in rye gebou was. In so 'n sirkus het hulle wedrenne met perde gehou, wilde diere moes daar met mekaar veg en ook het hulle sogenaande gladiatore gedwing om met mekaar te stry. By daardie twee gevegte moes daar altyd een dood bly lê, anders was die volk nie tevrede nie.

Later toe die Romeine die Kristene begin vervolg, is ook hulle in die sirkus wreed ter dood gebring. Hulle is deur leeu verskeur of by honderde aan kruise opgehang. Soms het hulle hulle in geteerde sakke gerol en aan pale vasgebind, wat in die grond geplant was. Dan steek hulle dit aan die brand en so moes die arme mense dan lewend verbrand.

Een van die wrede keisers, Nero, kry eenkeer 'n gedagte dat dit baie mooi sou wees om eenkeer 'n groot brand te sien. Hy laat daarom in die geheim Rome aan brand steek en byna die gehele stad is toe vernietig. Geen wonder, dat so 'n goddelose ryk nie langer kon bly bestaan nie. Dit gaan met volke en lande net soos met die mense. In hul jong tyd gaan dit goed en werk hulle hard, maar as hulle begin ryk word, kom die luiheid, en dit, kinders, is 'n verskriklike ding. Dan kom daar die geldgierigheid ook nog by, en die is die wortel van alle kwaad. In 476 n. KR. het die Germane 'n end aan die ryk gemaak.

*(Uit De Buitenschool.)*



## DIE SORG VIR DIE LIGGAAM.

Daardie pragtige gebou, die aardse tabernakel, soos die Bybel ons liggaam ook noem, word met klere bedek. Dit het nodig geword, sedert die sonde in die wêreld gekom het. Ons lees in die boek Genesis, dat die eerste, wat die mense gesien het, toe hulle van die verbode boom geëet het, was, dat hulle naak was en hulle het vir hulle rokke van velle gemaak wat hulle aangetrek het. Klere is dus eintlik 'n teken van onse skande en glad nie iets om trots op te wees nie. Maar in ons verdorwe hart beskou ons dit weer juis andersom en ons dink al te veel van klere. 'n Kind met 'n nuwe rok of 'n nuwe pak klere aan, kan soms so trots as 'n pou deur die straat stap.

As 'n man by ons kom met 'n geskeurde broek en 'n gelapte baadjie, dan sê ons: „Gaan agtertoe in die kombuis, en daar kan jy kos kry”; maar 'n man met 'n mooi pak klere word by die voordeur ingenooi, en hy sit met ons aan tafel. Die ou spreekwoord sê: „Die klere maak die man,” en dis tog regtig 'n verkêerde spreekwoord. 'n Arm man in 'n skamel kleed kan dikwels in die oë van die Here heel wat meer beteken as die ryke, wat so pragtig aangetrek is.

Nee, kinders, die klere maak nie die man nie. Ek sal julle sê waar julle op moet let, as julle 'n arm man na jul huis toe sien aankom. Kyk of sy klere netjies skoon is; of hy hom gewas het; of hy nie na drank ruik nie; of hy jou helder in die oë kan kyk. Daaruit ken mens 'n man. Maar of hy armoedig gekleed is, het met sy karakter maar weinig te doen.

Nou al is ons liggaam grōtendeels deur die klere verberg, tog moet die mense aan ons kan sien, dat ons dit in ere hou. En hoe kan hulle dit sien? Aan ons maniere. 'n Goeie kind het ook goeie maniere. As hy iemand teëkom, wat ouer is as hy, of wat hoër geplaas is, dan groet hy hulle beleef. Op straat gaan hy bedaard sy weg, en skreeu en raas nie. As hy op sy ma of pa se stoel sit en hulle kom binne, dan staan hy op. Gaan hy speel, dan doen hy sy bes om sy kant te laat win. Hoor hy 'n verkeerde woord, of sien hy 'n verkeerde daad, dan laat hy duidelik merk, dat dit hom nie aanstaan nie. Dit noem ons sy liggaam en siel in ere hou; iedereen moet weet, wat daar binne in ons woon. Maar dit is nie so gemaklik as wat julle dink nie. Dis gemaklik genoeg, om altyd ja te sê op wat ander sê, al weet ons ook, dat dit verkeerd is; maar dis swaar om te weier. En die kind, en die jong mens, wat sy liggaam en siel in ere hou, moet dikwels „nee” sê. As 'n skoolmaat julle vra, om kwepers te gaan steel, sê „nee.” As jy groter is en jou maat nooi jou na die „bar” toe om te gaan drink, sê „nee.” As jy hoor, dat ander vuil praatjies het en vloekwoorde gebruik, gaan daar weg en sê weer „nee, van sulke dinge hou ek nie; ek het dit nie van my ouers geleer nie.”

En verder kan jy jou liggaam in ere hou, deur dit goed te behandel. Hou dit skoon. Gaan bad of swem so dikwels as julle kan. Was julle mond en tande elke dag met soutwater. Eet en drink matig en hou julle ver van sterk drank af. Drink koel, helder water; dit het die Here in oorvloed op die aarde gegee, en dit is die enigste drank, wat die mens nodig het. Kyk maar ons huisdiere; hulle drink nooit iets anders as water nie, en bly tog gesond en sterk. Het julle al ooit gesien dat 'n bees of 'n perd sterk drank drink?

Ek het eenkeer gelees van 'n klompie jong mense, wat 'n bokooi met geweld in 'n „bar” gebring het en haar

met brandewyn dronk gemaak het. Toe het hulle lekker gelag vir die snaakse springe van die dier. Maar toe hulle dit die volgende dag weer wou probeer, kon hulle die dier se bek nie oopkry nie. Wat 'n beskämende voorbeeld vir sulke roekelose!

As jy dus jou liggaam eer, wat die Here jou gegee het, dan is jou verstandelike vermoëns ook so goed as dit maar kan wees. Dan kan julle goed leer en vooruitkom in die wêreld. Dan hoor ons later groot dinge van julle in die kerk en in die parlement. Dan praat die mense oor julle en roem die huisgesin waaruit julle gespruit het. En dit alles omdat julle die Here op Sy Woord geglo het. wat sê: „Die, wat My eer, sal Ek eer.”

Onthou nou vir julle hele lewe lank, dat julle liggaam na Gods beeld geskape is en dat dit die tempel van die Heilige Gees is. Dan sal julle dit in waarde hou.

## UIT DIE LEWE VAN EDISON.

Edison se afgetrokkenheid, wat partykeer in dromerigheid oorgegaan het, wanneer sy gedagte heeltemal vervul was met die een of ander wetenskaplike onderwerp, het vir hom baie onaangenaamhede besorg, en hierdeur het hy ook sy betrekking as telegrafis te Startford verloor.

Op die oomblik, waarop ons verhaal begin, sien ons Edison op pad na Port-Huron toe. Hy hoop om nou daar by sy ouers te bly, totdat hy so gelukkig sal wees om 'n ander betrekking te vind.

Dat hy die toekoms nie donker insien, en vas verwag, dat sy gedwonge werkloosheid nie lank sal duur nie, toon sy opgeruimde gesig, sy vinnige loop en ongedwonge houding. Vrolik laat hy sy oë oor die landskap gaan. Dit lyk of die skerp koue hom ook maar baie min hinder. Hy stap vinnig oor die pad, tot hy die Sint-Clair rivier nader.

Dis 'n mooi skouspel! Al lê daar op ander plekke 'n stewige ysvloer oor die water, hier is dit nie die geval